

G

ga I: — *gang* (met genas. *ã* as gevel. *-(a)ng* gerealiseer) — , uitr. by slegte reuk; Na. *χã*, in Afr. soms verbind m. *poe* as *gapoe* of andersom *poega* — *poe* hier sem. = Hd. *pfui*, wat etim. (fonol.) eint. aan Ndl./Afr. *foei* beantw.

ga II v. gha(gras) en twa(gras).

gaai I: “*anus*, opening; dom mens”, eufem. v. *gaat/gat*, uit mv. (vgl. *gaat/gat* — *gate/gaaie*) of uit dim. *gaatjie* (o.a. uitgespr. *ga(a)itjie*) geabstr.

+ **gaai II:** voëls. (*spp. Garrulus/Cyanocitta*, fam. *Corvidae*); v. ook **papegaai**.

gaai III: voorkaros (vWiel 169); Na. *!gai-s*, “der vorkaross” (Kroen 89a); v. Nien HOTT s.v. *voorkaros* II; v. **ghaai** III.

gaan v. gang I.

gaar I: “genoeg vir ete gebak, gebraai, gekook”, ens.; Ndl. *gaar* (Mnl. *gaer*), Hd. *gar*, Eng. (arg. en dial.) *yare*, “gereed; gou”, blb. hoofs. Germ.

gaar II: “versamel”, minder gebr. as *vergaar*, doeb. v. *vergader*; Ndl. *garen/vergaren/vergaderen*, Eng. *gather, for(e)gather*, blb. hoofs. Germ.

gaar III: “geheel en al”, dies. as **gaar I**, veral in Hd. en Eng. bet. “geheel en al; gereed”; in Ndl. as bw. v. *graad* (nog by vRieb *gaer weynich*) wsk. onder invl. v. Hd., maar tans enigszins veroud.; v. **gansegaar**.

gaard v. boord.

gaat I: ww. vorm nog gebr. (maar met geringer frekw.) naas *gaan*.

gaat II: eufem. en dial. v. *gat*, ben. v. sg. “koffie” (gemaak v. d. wortels v. d. *witgatboom*), maar misk. ook anders te verklaar, v. **witgatboom**.

gaat III: 1. eufem. ter vermyding v. assos. met *gat*, “*anus*” (mv. *gatte*), vgl. ook **gaai I**; 2. eufem. ww. v. *gaats/gats/gatta*.

gaatjjeponner v. gatjaponner.

gabba I: (dial. v.) “beker, skottel” (s.nw.); “beker (skottel) hou; vang, vashou, steel” (ww.), verb. m. Na. *χawa*, “hand onder iets hou” en (s.nw.) *χawa-s*, “wey skottel”; v. Rust s.v. *schüssel*.

gabba II: (dial. v.) “onbeskaaf”; verb. m. Na. ≠ *gawa*, “verkeerd; onbeleef”; v. ook **gaps**.

gabbading(etjie): ptering, skotteltjie, skepdingetjie; v. **gabba** I, **nabadingetjie** en verder WAT.

gabbat I: ww., “vry” (dial. en) misk. verb. m. **ghabbe**.

gabbat II: ook dim. *gabbatjies*, hou wsk. verb. m. **ghabba** III, **ghaboe** I, **ghawwa-**, **ghawwater(tjies)**, **witgatboom**.

gaboen: slangs. (*Bitis gabonica*, fam. *Viperidae*); genoem na Gaboen i. d. Kongogebied.

gade I v. **ega**.

gade II: nog in kompo. *gadeslaan*, “ag slaan, oplet, waarneem”; Ndl. *gadeslaan* (sedert Lmnl. — na vb. v. *achte slaen* uit afg. ww. *begaden* met hoër frekws. as die simp. *gaden*, “sorg vir”, maar ook “aandag of ag gee aan”) — mntl. verb. m. **gade** I, maar aard daarvan enigszins duister.

gading: in Afr. hoofsb. boekw., “genoeë, lus, sin”; Ndl. *gading* (Mnl. *gadinge/gayinge/gaïnge/ga(a)ïing*, afl. v. ww. *gaden*, “paar”, dus “paring”), hou verb. m. Hd. *gattung*, “soort”, eint. bevreëdiging v. “neiging tot sy soort”.

gagras v. **gha(gras)**, **twa(gras)**.

gaibossie: ss. nie in WAT nie, ook bek. as *hottentotstee* (wel in WAT) en as *vaaltee*, pln. (*Helychrysum serpyllifolium*, fam. *Compositae*), in 1886 deur Hett opgeteken as Hott. *gai*, wsk. dies. as **ghei**⁵ by WAT; as dit nog bestaan, seker wel veroud. en dial.

gaip: “ghwar, tor”; Hd. *kaib/keib*, dial. *kaip*, “ongepoetste mens” (v. aanh. uit J. W. F. Grosskopf by WAT).

gal I: vloeistof d. lewer afgeskei; (verk. v.) galblaas; Ndl. *gal* (Mnl. *galle*), Hd. *galle*, Eng. *gall*, hou verb. m. Gr. *χολή*, *χολος*, en wsk. ook m. Lat. *fel*, “gal”; v. ook **mankoliek**, **melancholies**.

gal II v. **eengalig**.

galberou: “bitter berou”, sprw. *naberou is* — ; wsk. volkset. v. Ndl. *galberouw*, “berou aan die voet v. d. galg”, vgl. Hd. *galgenreue* (vgl. Frank TE 35).

galjoen: viss. (*Coracinus capensis*, fam. *Coracinidae* WAT; *Dipterodon capensis* Gil); Ndl. ken *galjoen* (sedert 17e eeu) as naam v.

'n bep. soort skip en het dit blb. a. Sp. *galeon* ontl.; vroeër gemeen dat vis sy naam aan skip ontl. het (vgl. Scho PD 26-7); tans (dVri J NEW) word verb. gesoek m. Gr. *galeê*, "wesel", waarvan naam op bep. soort vis en daarna op bep. soort skip in d. Middellandse See oorgedra is, wu. o.a. die skeepsname *galei*, *galjas*, *galjoen*, *galjoot* stam.

gallon: — *gelling* — , "bep. inhoudsmaat"; Eng. *gallon* uit ouer NFr. *gal(l)on* van onbek. herk.

galmei: — *kalamyn* — , stofnaam; Ndl. *galmei* via Hd. *galmei* of *kalmijn* via 'n Rom. taal, bv. Fr. *calamine*, soos Eng. *calamine*, wsk. via It. *giallamina* uit Ll. *calamina* uit Lat. *cadmea/cadmia* uit Gr. *kadmeia* (*gê*), (lett.) "Thebaanse (aarde)", van waar dit bek. geword het.

galon: "klereversiering"; Ndl. (sedert 17e eeu) *galon* uit Fr. *galon*, wat verb. hou m. Mnl. *garlande*, It. *ghirlande* en mntl. v. Germ. herk. is; verb. m. *guirlande*.

galop: s.nw. en ww., "bep. gang v. 'n perd"; Ndl. (sedert Kil as s.nw.) *galop*, soos Hd. *galopp* en Eng. *gallop*, uit Fr. *galop*; Ndl. het blb. nie ww. vorm *galoppen* nie, wel (na vb. v. Fr. *galoper*) *galoppe(e)ren*, wu. Afr. *galoppeer*; andersyds het Mnl. reeds *walop* (s.nw.), *waloppen* en *walopperen* (ww.) wat, soos Eng. *wallop* op Pik. *walop* teruggaan wat, so word vermoed, teruggaan op 'n gerekonstr. Frk. (d.w.s. Germ.) vorm *wala hlaupan*, "goed loop"; v. **galpeer**.

galoptering: tering m. spoedige verloop; blb. nie in Ndl. bek. nie — in Ndl. heet dit gew. *vliegende tering* — , misk. 'n leenv. uit Eng. *galloping consumption*.

galpeer: "wild te kere gaan" (veral v. kinders gesê), tans in Afr. te beskou as doeb. v. *galoppeer*, wat in hierdie bet. nie presies m. Ndl. *galoppe(e)ren* of selfs m. *vergaloppe(e)ren* ooreenkom nie; v. **galop**.

galsterig: "ransig; walglik; swak" (veral v. botter, spek, ens., gesê), gew., maar wsk. ten onregte, word aan afl. v. *gal* gedink, ook verb. m. *garst(er)ig* bevredig fonet. nie, dan eerder verb. m. Mnl. *gal-gelsterachtich*, "onwelriekend" (van die reuk v. d. vel v. melaatses gesê).

gamadoelas v. **gramadoelas**.

gammat: "Kaapse Maleier; Kaapse Kleurling"; Slamse uitspr. v. d. eien. Mohammed (Frank TB 142, No. 8).

gamsgeslag: koll. ben. v. “nie-blankes”, vgl. hist. beskouing dat die Hamiete afstammeling is v. Noag se jongste seun Gam, en vgl. ook by vRieb (etlike male) ’t *Hottentoos geslacht*.

gang I: “beweging, soort beweging; deurloopruimte”, ens., Ndl. *gang* (Mnl. *ganc*), Hd. *gang*, Eng. *gang* hou almal verb. m. d. ww. *gaan*, “beweeg, loop”, Eng. *go*, Hd. *gehen*, Lat. *ire*.

gang II v. **ga I**.

ganna v. **kanna III**.

gannabas v. **kannabas**, windmakerbos.

gans I: voëls. (*spp. Anas*, fam. *Anatidae*); Ndl. *gans* (Mnl. *gans*), Hd. *gans*, Eng. *goose*, Lat. *anser*, Gr. *χέν*, verb. m. Ndl. *gan=zerik*, Eng. *gander*, “gansmannetjie”.

gans II: “geheel”; Ndl. *gans(ch)* (Mnl. *gans*), Hd. *ganz*; verw. hoërop baie omstrede en onseker; v. **gansegaar**.

gansegaar: “geheel en al”, soms *gaar* sonder meer, soms wdg. *gans en gaar*, soms verbg. *gans(e)gaar*, gew. deur ontk. gevolg; uit **gans II** en **gaar III**; in Ndl. wdg. (by vRieb *gansch ende gaer*), maar veroud. en hoofs. in digtert., in Afr. veral nog by ouer geslag; Hd. *ganz und gar*.

gap v. **gaps**.

gapoe: — *poega* —, uitr. v. afkeer (veral by slegte reuk), misk. hibr. ss. v. **ga I** (q.v.) en **poe**, maar mntl. ook ’n hibr. ss. v. Ndl. *ga* (imp. ekv. v. die ww. *gaan*) en ’n Malb. wd. *po*, “weg” (tesame dus — “gaan/loop weg”); vgl. Bosh VT 252–3; v. ook **ga I**.

gaps: — (soms) *gap* —, “wegraap; steel”; blb. geen verb. m. (*ginne*)*gabben*/-*gappen* en frekw. *gabberen* nie en nòg *gabben* nòg *gappen* in bg. bet. i. WNT, wel by vDal *gabben*/(dial.) *gap=pen*, “wegkapen”, daarenteë sowel in WNT as in vDal (reeds by Kil) *gaps*, “handvol”, wat deur WNT m. *gabberen* in verb. ge bring word. Opvallend in Ndl. en Afr. is ausl. -s en ooreenk. m. bet. v. Ndl. *gappen* (wat as mntl. Bar. beskou word); vgl. ook **gabby I** — vlg. Kil is *gaps* Fri. en nog by Dijk.

garage: “motorhawe”; wsk. via Eng. *garage* uit Fr. *garage*, wsk. v. Germ. herk. en verb. m. Ndl. (*be*)*waren*, Afr. (*be*)*waar*.

gardenia: inheemse en uitheemse (ingevoerde) blomplant (*spp. Gardenia*, fam. *Rubiaceae*), onder allerlei volksn. bek. (vgl. Mar en WAT), veral soorte *katjiepiering*; ben. *gardenia* na die Am. natuurkenner, A. Garden (1730–1792).

gare v. garing.

+ **garibaldi:** — *garibalie* — , “soort bloese”, genoem na dié deur die It. bevrydingsheld, Garibaldi (1807–1882), se volgelinge gedra.

garing: — *gare* — ; Ndl. *garen*, Hd. *garn*, Eng. *yarn*, i.s. *-ing v. doring*; hou verb. m. Gr. *χordê*, “derm” (vgl. Lat. *hernia*, “derm=breuk”), ook On. *görn* en Lit. *zarna*, “derm” — dermrepiës vrocër (soos riempies vandag) gebr. om materiaal vas te werk en daarna oordr. v. bet.

garingboom: — *gareboom* — , ook bek. as *makaalwyn*, *Agave americana*, fam. *Amaryllidaceae*; met garingagtige vesels.

garingbossie: — *garebossie* — , *spp. Kleinia* en *Senecio*, fam. *Compositae*, ook *spp. Asclepias*, fam. *Asclepiadaceae*; albei met garingagtige vesels.

garingklip: versk. soorte asbes, so genoem n.a.v. dradcrige vesel, ook bek. as *biltong-/doekklip/-steen*.

garnaal: — *garneel/grineel* — , klein, krap- of kreeftagtige skub=seediertjie (fam. *Crustaceae*), bek. en gewilde Eur. soort (*Crangon vulgaris*, fam. *Crangonidae*) en S.A. varswaters. (*Leander capensis*, bek. as *dvergie*); Ndl. *garnaal* (wu. ontl. Hd. *garnele* en Rus. *garnel*); Hd., Rus. en dial. Ndl. vorme pleit misk. vir *gar-/ger-* en vir *-aal* uit *-eel*, maar ook dial. vorme op *-et* (vgl. Ofr. *guernette*) en op *-aert/aar(t)/-aet*; verb. m. Ndl. *granaat* (Mnl. *gar-nate*) uit Ofr. *grenat(e)* via Ll. *granatum* (uit Lat. *granum*, “korrel”) bevredig nie; herk. onseker, maar misk. verb. m. Ofr. *crangon* (“soort krap”) uit Ll. *crango* (verb. m. Lat. *cornu*, “horing”) uit Gr. *krangōn* (“garnaal” en misk. verb. m. *keras*, “horing”) + Fr. suf. *-al* (uit Lat. *-alis*) of *-ard* (uit Germ. *-art*), dan ong. “baard-/horing-/knewel-/sprietmannetjie”, dog dan eis oorg. v. ldg. *k* tot Germ. *g* ’n verkl.

garoe(boom): die Eurasiëse sg. *peperboompie* (*Daphne mezereum*, fam. *Thymelaeaceae*); Ndl. *garoe/garou*, soos Eng. *garoo*, wsk. uit Fr. *garou*, hou misk. verb. m. Mal. *gaharoe*, die Oosterse boom m. geurige hout en speserye (*Aquilaria agallocha*, fam. *Thymelaeaceae*) wat in die Ndl. Bybel minder juis as *aloë* en in navolging daarvan in die Afr. Bybel as *alewee* vert. is (v. *aalwyn*) — verb. m. Eng. *garus*, “’n geneesk. drankie”, na die naam van ’n 17e-eeuse Ndl. geneesheer, Garus, lyk minder wsk.; v. ook *aalwyn*, *peperboom* II.

+ **garoep(vis):** blb. weinig bek. visn. (by Pet A. s.v. *garoupe* en *koningklipvis*) v. viss. (Gil se *koningklipvis* (v. Tafel- tot Algoa=

baai) is *Genypterus capensis*, fam. *Ophidiidae*, maar word deur hom = *rock cod*, *Epinephelus gigas*, fam. *Epinephelidae*, wat blb. met o.a. *klipkabeljou* by die *Serranidae* tuis hoort, terwyl die sg. *Natalse koningklipvis* weer *Hoplobrotula gnathopus* of *Bi=denichthys capensis* by Barn is; herk. onbek. — hou dit misk. verb. m. Port. *garoupa*, “baars(vis)”?

garra v. **gharra** I, **taaibos**.

+ **garrot**: (veroud.) “wurgstrafwerktuig”; nie in WNT nie, wel ww. *garrotter* in vDal, Eng. s.nw. en ww. *gar(r)otte*, Fr. *garrot(ter)*, almal wsk. uit Sp. *garrote(ar)* of Port. *garrot(ar)*, “verwurg(ing)”, waarvan herk. onseker is.

gars: bek. voergewas, ook bek. as *groenvoer* (*spp. Hordeum*, fam. *Gramineae*); Ndl. *gars/garst(e)*, *gerst(e)/gorst*, nie m. *geers(t)/gierst* (*Panicum miliaceum*, fam. *Gramineae*) te verwar nie, hoewel dié wd. hoërop verw. kan wees en selfs m. *gort*; Ndl. *gars(t)/gerst(e)* en Hd. *gerste* hou in elk geval verb. m. Lat. *hordeum* en vorme met *a* is veral NNdl. (vgl. Kloe HGA 121 en kaartjie op 120), by vRieb *garst*.

gartjie v. **graatjie**.

gas I: “besoeker”; Ndl. *gast* (Mnl. *gast*, “besoeker, vreemdeling”), Hd. *gast*, Eng. *guest*, hou verb. m. Lat. *hostis*, “vreemdeling; vyand” — bet. afh. v. houding teenoor vreemdeling.

gas II: vormlose stof teenoor vaste stof en vloeistof; intern. wd. deur J. B. van Helmont (1577–1644), Brusselse geneesh. en skeik., geskep, met byg. a. **chaos** (q.v.).

gasel: “wildsbok” (v. d. gesl. *Gazella*, fam. *Bovidae*); Ndl. *gazel(le)*, eers Nnl., Eng., Hd. en Fr. *gazelle*, Sp. *gacela/gazela*, Port *gazella* en It. *gazzella* gaan almal terug op Arab. *gazāl* (*Antilope dorcas*).

gasie: “loon”; Ndl. *gag* (vroecër ook *gagie/gaadje*, v. **-asie**) uit Fr. *gag* uit ged. verlat. regsterm in Germ. *wette*, *gagium/gagia/gadium/guadia* uit Lat. *vadium* (verb. m. Lat. *vas* (gen. *vadis*), “borg(tog)”; vgl. ook Eng. *engage*; v. ook **wed**).

gat v. **asgat**, **gaai** I, **gaat** II en III, **gatjaponner**, **gats**, **gatta** en **wit=gatboom**.

gatgai v. **tatgai**, **katgai**.

gat-gat: spel waarby daar met albasters, knope, wasters, ens., na ’n reeks gaatjies (gat na gat) gegooi word, redupv. om herh. te kenne te gee.

gatjaponner: — *ga(a)tjieponner/gatjieponder* — , spotn. v. lid v. d. Ned. Geref. Kerk, wat na bewering 'n *gatjapon*, “manel”, dra, met agterv. *-er* v. persoonsn. (v. Kem WFA 327, 353).

gats: — *gatta* — , kan eufem. vorme wees v. *gat*, maar ook ww. v. *gotta*, v. *-a* (eufem.).

gebore I: “geskape, geskep, in die lewe geroep”; Ndl. *geboren* (eint. verl. dw. van veroud. st. ww. *geberēn*, “dra”) nog in afl. *ontberēn* en in ss. *voorbarig*, verb. m. Ndl. *baren*, Afr. *baar*, Eng. *bear*, Lat. *fero*, Gr. *pherō*, “ek dra”.

+**gebore II:** in verbg.: *gebore in staat/in gebore staat* (ander variante by WAT), ook dial. *boor/bore*; geen verb. m. **gebore I** nie, maar na vb. daarvan volkset. v. ou wd. *bore* (soms m. *en-* vooraan: *enbor(e)* wu. Hd. *empor*), wat verst. te kenne gee, veral by ontk., waarmee dit dikw. gejaard gaan.

gedaan: in bet. “klaar, op, opgebruik, uitgeput” (bv. voorrade); eint. byv. gebr. verl. dw. v. *doen*, vlgs. Scho (TWK/NR 7, 1, bl. 37) by Wik, maar nie in hierdie bet. in Ndl. nie, wel egter by vRieb: “de cropslae, dan gedaen sijnde” (d.d. 9.10.1654), v. ook **gedoen**.

gedoen: — (geringer frekw.) *gedaan* — , Afr. verl. dw. na anal. v. *doen*, in Ndl. blb. alleen as s.nw. (soms = *gedoente*); vgl. Ndl. *gedoe*.

gedorie(waar): — *ge-/(god)dosie(waar)* naas *jandorie-/jandosie(waar)* — , reeks sk. en ww. v. *ge-/god-* + *-dorie-/dosie-* + *-waar* tot bevestigingsw. uit uitr. as sg. bastvl.; SNdl. *goddorie/goddosie*, wsk. uit: *God verdore u* (= Mag God jou dwaas/mal maak), WAT s.v. **gedorie** en WNT V 228–9, v. ook **jandosie**.

gedres: “gekleed”, hibr. afl. by Trig as *gedrest*, v. Eng. *dressed* en Afr. voorv. *ge-* (1Ro T DLT xxvi 10, 9 en 236).

gedwee: “gehoorsaam, insiklik”; Ndl. *gedwee* (Mnl. *ghedwade/ghedwe(de)*, by Kil *ghedwee/ghedwaey/ghedweeghsaem*), verw. m. Got., Oeng. en On. wd. in bet. “goed, vriendelik” onseker.

gedy v. **deeglik**, **terdeë**.

gee: — *geef/gewe* — , aanreik, skenk; Ndl. *geven* (Mnl. *gheven*), Hd. *geben*, Eng. *give*, Got. *giban*, blb. hoofs. Germ.

geel: bep. kleur; Ndl. *geel* (Mnl. *ghele/ghelu*, (dial.) Vl. nog *geluw*), Hd. *gelb*, Eng. *yellow*, hou verb. m. Lat. *helvus*, “geel”, misk. ook m. Lat. *fel*, “gal”.

geelblommetjie: pln. (*Lyperia crocea*, fam. *Scrophulariaceae*), ook bek. as *saffraanbossie*, Mar 31, 127.

geelblommetjie(s)tee v. **hongertee**, **skilpadtee**, **vaaltee**.

geelhout: pln. (*spp. Podocarpus*, fam. *Taxaceae*), Mar 91, 101; v. ook **outeniekwa(s)geelhout**.

geelnael(s) v. **viooltjie**.

geelrys v. **borrie-/kerrierys**, **rysbrensie**.

geelsug v. **sug II**, **sugsloot**, **watersug**.

geelvis: vlg. Barn 56 *spp. Barbus*; v. ook **kalwerkop**, **moggel**.

geelwortel: groentes., as sk. in Afr. ondersk. teenoor *geel wortel* (bv. v. bome), by vRieb nog *gele wortelen*; v. ook **wildewortel**, **witwortel**.

geeuholger: "skielike, oormatige eetlus"; Ndl. *geeuwhonger* (na anal. v. Ndl. ww. *geeuwen*) uit dial. *ge-/gie-/gei-/ga-honger*, waarvan eerste lid verb. hou m. Mnl. *ga*, "gou, snel", dus verb. m. Ndl. *gauw*, Hd. *jäh* en Afr. *gou*, m.a.w. plotselinge honger, 'n siekteverskynsel.

gehemelte: soos in Ndl. = *verhemelte* in bet. "monddak, mond-gewelf" (*palatum*, reeds by Kil), afl. m. voorv. *ge-* en *ver-* en agterv. *-te* v. *hemel*, vorm met *ver-* blb. groter frekw. in Ndl.

gehug: "klein dorpie"; Ndl. *gehucht* (Mnl. *gehucht(e)/gehochte* m. oorg. v. *ft* tot *cht* uit *ghehofte*), by Kil *gehucht*, met *ge-* gevormde koll. by *hof*, eint. "versameling geboue", ook Hd. *gehöft*; verw. met *hoewe* nie uitgesluit nie, maar onseker, so ook verw. m. Lat. *cupa*, "kuip", en Gr. *kupê*, "holte", ouer bet. blb. "omheinde ruimte" (vgl. *tuin*).

-geid: — *geit* —, ww. v. agterv. *-heid*, wsk. ontw. uit vorme soos *vrotgeid* uit *vrotsigheid*, ens., en het (soos o.a. **tag** q.v.) reeds tot 'n selfst. wd. ontw. (as *geit*, *geite*, *geiters*), vgl. Hd. *-keit* naas *-heit*; in Afr. gaan *-geid/-geit* egter gepaard m. pej. gevoelswaarde.

geil: vrugbaar, welig; wulps; Ndl. *geil* (Mnl. *gheil/gheel*), Hd. *geil*, Got. (ww.) *gailjan*, "verbly", hou verb. m. Lit. *gailus*, "driftig".

geilsiekte: "bep. soort veesiekte" (veral i. d. lente en vroegsomer); by Trig *gijle siekten* (Scho TWK/NR 7, 1, 37 en in WAT), wsk. n.a.v. assos. m. *geil* (weelderig) groeiende gras; nie as ss. in Ndl. bek. nie.

geis v. **geitjie**.

geiser: 1. "warmwaterbron; 2. verwarmingstoestel"; Ndl. *geiser/geizer* (ook *geyser/geysir*) hou, soos Eng. *geyser*, wsk. verb. m. d. bek. bron in Ysland, Geysir, wat misk. afg. is v. ww. *geysa*, "voorstorm", maar verb. lyk ook mntl. m. veroud. Ndl. *geinster* (by Kil o.a. *gheynster* en in tydgenootlike bronne o.a. *gheister(e)/gheyster*) almal in bet. "vonk".

-geit v. **-geid**.

geit: in Afr. feit. nooit (soos in Ndl.) in bet. "bokooi" gebr. nie, wel (veral in studt.) in bet. "meisie/nôientjie"; in Afr. word 'n mak en 'n wilde vr. bok ondersk. *bokooi* en *oobok* genoem, misk. ontst. deur of bygedra tot verlies v. *geit* en mntl. ook in die hand gewerk deur die opkoms v. **geitjie** (q.v.); Ndl. *geit*, Hd. *geiss*, Eng. *goat*; van verw. buite Germ. om het Lat. *haedus*, "bok", en Sab. *faedus*, "geitebok", blb. die meeste om die lyf.

geita v. **keita**.

geitjie: "reptiel" (fam. *Gekkonidae*) te ondersk. van maar in volkst. = **akkedis** (q.v.), ook te ondersk. v. **gekko** (q.v.); Na. */gei-s* (Olpp) en *cgei-p* (Tin); reeds by Spa (II 771) *i'geitje*, d.w.s. Hott. grondw. met Afr. dim. uitg. (v. dTo (dr.) S DH 19.6.1925, bl. 17; Bosh TWK VI 4, bl. 192, Scho PD 44, en Nien HOTT 274); verw. vorme v. bep. soorte: o.a. *dikdei*, *dikghei*, *geis*, *ghei*, *gheighei*, *gheis*, *ghikghei*.

gekait: — *gekait*s —, "dronk"; vlg. WAT "wsk. m. byg. a. Eng. *kite*" (soos 'n vlieër slinger?), lyk aanneemliker as Kem (WFA 367) se opm. "lyk meer na 'n verdraaiing v. Eng. *tight*"; hou dit misk. verb. m. **bekaaits** (q.v.)?

+**gekempera**: by Mans (KHI) in bet. "v. gemengde bloed, baster"; Frank (TB 139) verwys na Schu 179 (bedoel is KS IX v. 1891) se Mal.-Port. *tjempra*, Port. *temperar*, Mal. *tjampoer*, "gemeng; meng", *tjampoeran*, "mengsel", as mntl. verkl., wat juis kan wees, maar vglg. met die klankontw. by **kurang** (q.v.) gaan nie op nie.

gekko: reptiels. (fam. *Gekkonidae*), — *gecko* (WAT)/(ook) *gekko* —; hoewel die gekko en die geitjie albei tot die *Gekkonidae* behoort, is die wd. nie verw. nie, want *geitjie* kom uit Hott. en *gekko* uit Mal. *gēkok*.

gekonfynt: "vertroud"; hoewel Kem (WFA 367), sonder dit te sê, die indruk wek dat dié gebr. Afr. is, is dit Ndl. (WNT VII 5249) en by Ndl. *konfijten* word sowel vrugtekonservering as 'n looi=

proses betrek, maar dit hou in albei bet. verb. m. Fr. *confit* uit *confire* uit Ll. *confecere* uit Lat. *conficere*, “voorberei; produ-seer”.

gekys: gesê v. 'n “verstandhouding tussen 'n jong paartjie” (studt.); hibr. afl. m. Ndl./Afr. voorv. *ge-* en Eng. *case*, “saak”, in ww. funk.

geldbeursie v. **slymstok/-uintjie, tamaraka, vinkeiers.**

gelei: — *selei* — , “gestolde vleissous”; Ndl. *gelei* (Mnl. *jaleye/ juleye*, by Kil *geleye/ieleye*) uit Fr. *gelée* uit Lat. *gelata*, verl. dw. v. Lat. ww. *gelare*, “bevries”, hou verb. m. *gelatien/jelatien*, asook m. Hd. *gelee* en Eng. *jelly*; v. ook *jellie, selei*.

gelling v. **gallon.**

gemaal: “eggenoot, man”; Ndl. *gemaal* (sedert Kil) uit Hd. *gemahl* (ww. *vermählen*, “verloof”) hou verb. m. 'n ou Germ. wd. (Ohd. en Os. *mahal*, On. *māl*) in bet. “beraadslaging, vergadering; verlowing”.

gemak(huisie): — *gemakshuisie* — , “priewie, sekreet”; Ndl. ken ook *gemak* (Mnl. *ghemac*) sedert Kil in bet. “*locus commodus*” (tans gew. as *geheim gemak*), blb. net as simp. en nie as ss. nie, so ook Hd. *gemach*; vgl. ook **gemakstoel**; v. ook **latrine**.

gemakstoel: 1. (in ouer bet.) “nagstoel, stelletjie/stilletjie” (= Eng. “commode”) in aansl. by *gemakhuisie*, te vgl. met dial. Ndl. *gemakkoffertje*; maar 2. (in bet.) “dutstoel”, wsk. 'n leenv. v. Eng. *easy chair*.

gemsbok: — *gensbok* — ; die Eur. *gems* is *Rupicapra rupicapra*, fam. *Bovidae*, die Afr. *gems(bok)* is *Oryx gazella*, fam. *Bovidae* (Scho PD 13); Ndl. *gems* (by Kil *gemse*) uit Hd. *gemse*, hou verb. m. Eng. *chamois* (uit Fr.), Fr. *chamois*, It. *camozza*, Sp. *camuza*, verderop verb. m. Ll. *camox*, wsk. herk. uit vroeë Alp. taal; v. ook **seemsleer**.

Genadendalme v. **herneutermes, boslemmermes.**

genant: “naamgenoot”; Ndl. *genan/genant* (Mnl. *ghenanne*, uit *gename: ge-*, “mede”, + *naam(draer)*), in Ndl. enigsins veroud. en in Afr. grotendeels verdring d. *naamgenoot*.

genes I: “gesond word of maak”; Ndl. *genezen* (Mnl. *ghenesen*), Hd. *genesen*, hou verb. m. Gr. ww. *neomai*, “terugkeer”, en s.nw. *nostos*, “tuiskoms”; ouer bet. blb. “na sy woonplek of nes (v. mens of dier) terugkeer”.

+**genees** II: gew. in sk. *geneeslinne*; by vRieb *gu(i)nees linnen*, het in S.A. blb. langer in gebr. gebly in **tafelgenees** (q.v.).

genieps: — *geniepsig* — , “afknouerig”; Ndl. *geniep* (s.nw.), *geniepsig* (b.nw.) met wsk. dial. ongedift. *ie* uit ou ww. *nipan*, “donker word”, waarvan verb. m. Ndl. *nijpen* en *knijpen* enig-sins onseker is; in Ndl. is *geniep* veroud., maar *geniepig* nog in gebr.; in Afr. ausl. -s (soos in *kiets*, *knaks*, *rats*, ens.) wat ook soms in Ndl. dial. verskyn; vgl. Kem WFA 398.

genoeg: — *genog* (o.a. by Trig) — , “voldoende”; Ndl. *genoeg* (Mnl. o.a. *g(e)noch*, vorme m. *o* betr. oud en nog in Ndl. volkst. en veral in NNdl.), Hd. *genug*, Eng. *enough*, as Ingw. beskou en verw. buite Germ. baie onseker.

genoot v. **vennoot**.

genre: “bep. kunss.”; regstreeks of via Ndl. of Eng. uit Fr. *genre* (Ofr. *genre/gendre*) uit Lat. *genus* (gen. *generis*) “geslag, soort”, hou verb. m. Eng. *gender*, “geslag”.

gensbok v. **gemsbok**.

gentleman: “man(spers.); eerbare man, heer”; Eng. *gentleman*. Afr. ww. *jentelman*/(minder besk.) *jintelman*, uitspr. en mv. -s wys op ’n mate v. inburgering.

gentoe v. **jentoe**.

-gerd v. **boord** en **wingerd**.

gereed v. **rede**, **ree**, asook **gerei**.

gerei: “benodigdhede, gereedskap, toerusting”, veral in ss. soos *drink-*, *eet-*, *kook-*, ens.; Ndl. *gerei* (Mnl. *ghereide/gheredede*) hou verb. m. Ndl. en Afr. *bereid* en *gereed*, met Ndl. ww. *bereiden* en Afr. *berei* en **brei** II (q.v.), asook m. Eng. *ready*.

gerf: “bondel graanhalms”; Ndl. *garf/garve*; *gerf/gerve* (Mnl. *garve* — Ndl. vorme m. *a* veral oostelike dial.), Hd. *garbe*, verb. m. *grabbel*, *greep*, *gryp* en bet. blb. vroeër “handvol”, d.w.s. wat mens met ’n handgreep kon saamvat.

geruit: “materiaal m. ruitvormige patrone”, o.a. by Trig (Scho TWK/NR 7, 1, bl. 38 en 1Ro T DLT 237) as *geruijd* en *geruit*; Ndl. *geruit* (maar blb. eers laat, nog nie by Kil nie).

gesel I: “strafwerktuig”, mv. -s, klem. op eerste letg.; Ndl. *ge(e)sel* (Mnl. *ghe(i)sele*), Ohd. *geis(i)la*, “gesel”, hoof. Germ. en verb. m. ’n gerek. wd. wat “speer” bet.

gesel II: “maat, kameraad”; mv. — *le*, klem. op tweede letg.; Ndl. *gezel* (Mnl. *gheselle*, “jongmens, makker”), Hd. *gesell* (Ohd. *gisell(i)o*), hoofz. Germ. en verb. m. ’n gerek. wd. wat “saal” bet., wsk. toeg. op iemand wat met sy “heer” saam in die “saal” aangesit het; vgl. **assessor**.

gesels: “praat, gesprek voer”; seker wel Ndl., hoewel nog nie gevind nie. Mnl. ken ww. op *-sen* (bv. *gevoersen*, *huursen*, *claersen*, *meersen*) en in WVl. kom hulle nog voor (bv. by Debo: *klaarzen*, *meerzen*), so mntl. ook ’n dial. vorm *geselsen*; die NHoll. volkst. het dan ook *zels* en *zelsig*, “gesellig” (Boek ZV), terwyl ouer kompo. m. inl. *-s-* invl. kon gehad het, vgl. Mnl. b.n.w. (nog by vdSch) *geselsaem wesen*, “gesellig wees”; v. ook Kem (WFA 447).

gesnaalwaar v. **resnawel**.

gespe: — *gesper* — , “vasmaakmiddel”; Ndl. *gesp* (Mnl. *gespe*), opvallende behoud v. ausl. *-e* in Afr. en toevoeging van *-r* (vgl. *rasper*), misk. te verkl. uit dial. Ndl. *gespel*; hou verb. m. Eng. *gasp*, vroeër gebr. in bet. (vooruitgestote) “mond” — vandaar wsk. die sg. *tongetjie* van ’n *gespe(r)*.

Geus: (hist. eers) skimpn., (later) eren. v. opstandeling in Tagtigjarige Oorlog teen Spanje; Ndl. *Geus* (sedert 1566) uit Fr. *gueux*, “bedelaar”; na herk. en verw. word gegis, maar tot nog toe geen sekerheid nie.

geut: “kunsmatige kanaal(tjie)”; Ndl. *goot/gote*, (meer dial.) *geut/geute*, verb. m. ww. *giet* en m. Hd. *gosse* en *gusz*, misk. ook m. Eng. *gush(ing)*; in Ndl. meer bep. Holl. (Kloe HGA 85, 99, 293).

gevaar(lik) v. **vervaard**.

gewe v. **gee**.

geweer: (tans) “roer, skietgeweer”, (vroeër) “weermiddel” (in die alg.), so nog by vRieb en o.a. by Trig (1Ro T DLT 237).

gewei: “vertakte, horingagtige uitgroeisels aan voorkop v. ml. hert of rendier”; Ndl. *gewei* (sedert 18e eeu) uit Hd. *geweih* (Mhd. *gewige/gewihe*); Ndl. *getwij*, wsk. kontamv. v. *gewei* en *twijg*, dui misk. op ouer bet. “vertak”, maar tot nog toe geen sekerheid nie; vgl. *takbok*, eint. *tak(bok)*.

gewete v. **verwittig**.

gewig v. **wa**, **waag** II, **weeg**, **wieg**.

gewiks: — (soms) *gewieks* — , “geslepe, uitgeslape”; Ndl. *gewikst/gewiekst*, eint. verl. dw. v. dial. *wi(e)ksen*, “met was invrywe”, uit Hd. *wichsen*, verb. m. ondersk. Ndl. *was* en Hd. *wachs*; in sommige Ndl. dial., soos in Afr., ook as ww. in bet. “afransel”, v. **wiks**; vgl. egter ook Kloe (HGA 25, 27).

gewis v. **wis** II.

gewoon(d) v. **woon**.

gha v. **gha(gras)** en **twa(gras)**.

ghaai I: (dial. v.) “met ’n ghoen gooi” (WAT s.v. **ghaai**¹ in bet. 1. en misk. ook 2.a.); mntl. verb. m. Na. */gei*, “stoot” (waarvan *ei* as *aai* uitgespr. kan word, vgl. *ghaai-/gheiwortel* en *hei(de)* en *haaivlakte*).

ghaai II: — *kaai* — , (as ww.) “kleef; (as s.nw.) “voëlent”, albei dial. (WAT s.v. **ghaai**²); verb. m. Na. ww. $\neq ai$, “kleef”, en s.nw. $\neq ai-b$, “voëlent” — dikw. is Ohott. vel. kons. in Na. gevokali=seer (v. Nien HOTT 186–8).

ghaai III: (dial. v.) “voorskootjie, voorkaros” (deur mans gedra); by vWiel 169 as *gaai*; tereg d. WAT v. Na. *!gai-s*, “voorkaros”, afg.; kom reeds by Wik as *khey* voor; vgl. Nien (HOTT 508 s.v. **voorkaros** II); v. **gaai** III.

ghaai IV: (dial. v.) “baie vet vleis” en blb. ww. v. **ghal** (WAT s.v. **ghaai**⁴ en **ghal**); verb. m. Na. */gī-b*, “vetreuk, vetvlek”, onwsk. geag.; v. ook **ghaap** II.

+ **ghaibout**: “soort seemeeu” (*Larus dominicanus*, fam. *Laridae*); uit Port. *gaivota* (by ou reisigers o.a. as *gavoitoyn*) uit Lat. *gavia* — Sp. het *gavia* en *gaviota* — almal in bet. “meeu” (Frank TB 126, by Scho PD 4); vgl. WAT s.v. **ghaibout**.

ghaai-ghaai: (dial. v.) “hou-hou” (by albaster en tjoekspel), wsk. net redupv. v. **ghaai** I in bet. 2.a. by WAT s.v. **ghaai**¹.

ghaaisa: (dial. i. verbg.) *ghaaisa dans/* — *slaan*, wat ooreenstem m. Rust se */geisa $\neq nā$* , “dans” (ww.) en */gein- $\neq nou$* , “slaan” (ww.), vgl. ook verbg. *askoek slaan*, vlg. Rust s.v. *tanzen* is Na. */gei-s* die “Stampftanz”; het dit verb. m. dié wd. in die liedjie: “Die ghaaisa kos ’n sikspens”?

+ **ghaaiwortel**: — *gheiwortel* — , ook bek. as *kafferwortel* en *haasoor* (lg. nie in WAT nie), pln. (*Sansevieria thyrsiflora*, fam. *Liliaceae*); ou dokg. in Oos-Kaapland as Hott. *t’kay* (Watt-BB 1436–7); v. ander name s.v. **haasoor**.

ghaan: (dial. v.) “meisie, nôï”; mntl. subst. v. (*khoisa*) ≠ *gan*, “um die Braut werben” (Rust), misk. m. byg. aan !*gā-n*, “ge=swister”, die pl. com. (vgl. ook afl. by WAT).

ghaap I: — *daap/gnaap* (WAT s.v. **ghaap**¹)/*g(u)aap/ngaap* (Mar 30, 61, 125), — versk. verw. plante (*spp. Hoodia, Stapelia, Tri-chocaulon*, ens., fam. *Asclepiadaceae*); Pet A 186 s.v. **ghab** wil, wsk. n.a.v. die feit dat ons met aasblomme te doen het, afl. v. Na. /*aru-b*, “nat mis”, maar ontwyk fonet. besware, terwyl Kroen se verwysing by /*aru-b* na ≠ *hou-b*, “vuilnis”, vir ons doel net so onbevredigend is; by Bur (I 173) egter *guaap* en by Kret (227) *u’gaap* (v. Nien HOTT 277); v. ook **ghwab** . . . in elk geval wsk. Hott., maar inligting oor vorm en ident. ontbreek; v. ook **ghobba/kobba**.

ghaap II: — *njap* (WAT s.v. **ghaap**²) — , (dial. v.) “vet”, (meer bep.) “maagvet”; reeds in 1655 vorm *gai(qua)*, “vet”, gedok. en in 1805 *t’gneub* (v. Nien HOTT 499, s.v. **vet** I en III), misk. verb. m. Na. *gou-b*, “körperfettigkeit”, !*na-b*, “maag”, en //*noā-b*, “leberfett” (Kroen en Rust); v. ook **ghai** IV.

ghaap III: — *ghap* (WAT s.v. **ghaap**³) — , (dial. v.) “oplettend, versigtig”; misk. verb. m. Na. *gā*, “knap of slim wees”, *gā-s*, “knapheid, slimheid”, *gā-b*, “bedrog, lis”; begrippe “oplettendheid, slimheid en versigtigheid” loop maklik deureen; maar verb. m. Na. //*gan*, “oppas”, is mntl.

ghaas: (dial. v.) “bep. booms.” (met ged. boggrondse knolle), ook bek. as *hotnotsbrood, olifantspoot* en *skilpad* (*Testudinaria elephantipes*, fam. *Dioscoreaceae*); Na. ≠ *ga-s* is as alg. pln. te vaag, maar misk. verb. tussen Lic se *t’koaab* en *t’koaas* (ondersk. ml. en vr. v.) “olifant” (v. Nien HOTT 405, s.v. **olifant** I) en Mar se *nakaa* as (wsk. Hott.) ben. vir dié boom.

ghabba I: — *ghawwa* — , (dial. v.) “wat van honger/maerte bly lê/staan” (WAT s.v. **ghabba**¹); verb. m. Na. ≠ *gawa*, “maer word, v. maerte vrek” (Kroen en Rust); WAT se ≠ *gaba* (Hott.) nie opgespoor nie.

ghabba II: — *nabba* — , (dial. v.) “agterkop” (WAT s.v. **ghabba**²); uit Hott. en hoewel Na. v. “agterkop” tans !*noro-b* is, word vir “kop bedek” in Na. nog /*gawa* gesê en vir “kopbedekking, hoed, mus” (*gawa-s*, en hiervan is *nabba* ’n ww. (Nien HOTT 180).

ghabba III: — *ghawwa* — , albei dikw. in dim. en in ss. met *water=* (*tjies*), vgl. ook **ghawwater**, (dial. v.) “flou koffie”; hou misk. verb. m. Na. !*gawo*, “schlaff werden”, !*gawu*, “geschmacklos sein” (— ≠ *kawu*, “schwach sein?”); vgl. **ghabba** I en **ghaboe** I, veral ook **gabbat** II en **witgatboom**.

ghabbe: b.nw. en bw., (dial. v.) “spoggerig” (WAT); hou wsk. verb. m. Na. /gawi, “hoog (wees)”, /gawi-/gawi, “verhef” en refl. /gawi-/gawisen, “jou verhef” (WAT het oral *b* teenoor *w* by Kroen).

ghabera: — *ghaberie(tjie)* — , (dial. v.) akkediss. (*Euprepis carinatus*, fam. *Scincidae*) deur WAT afg. v. /gabira-/gabiri-, nie opgespoor nie, wel by Rust /gawera-b, “eidechse”.

? **ghaberta:** — *ghaperta* — , (dial. v.) “kar met motorwiele” (WAT); uiteraard ’n dial. neol., herk. voorasnog onnaspeurbaar.

ghabessie: (dial. v.) “soort klipvyg” (*Ficus ilicifolia*, fam. *Moraceae*), soos by WAT; hou dit verb. m. Na. /gowe-s, “wildevyg”? Oudste dokg. as *t’kaa* (by Watt-BB 1395).

ghaboe I: — *ghoeboe/ghouboe, koeboe/kouboe* — , (dial. v.) “laf, smaakloos” (WAT); WAT lei (s.v. **ghoeboe**²) af van Hott. !gabu, “smaakloos”, en !kabu, “swak” (vgl. !gawo, !gawu en ≠kawu s.v. **ghabba** III hierbo).

ghaboe II: — *kaboe* — , (dial. v.) soort veldwortel, soort kambro (WAT s.v. **ghaboe**³); WAT lei af v. Hott. !gawo-s (*qgabo-s*), “soort veldwortel”, vgl. Na. !gawo-b, “wilde kartoffel”, en !gowo-s, “feldzwiebelart”, nie nader in ons bronne geïdent. nie.

ghaboemielies v. kaboemielies.

ghagras: — *gagras* — , reeds by Wik as *gaa* (Scho PD 48), vlg. WAT ook bek. as *boesmangras* (*Aristida brevifolia*, fam. *Gramineae*); verb. m. Na. /gã-b, “gras”, maar v. ook **twagras**.

ghai: (dial. v.) “gebreekte mielies”, deur WAT afg. v. Xh. *uku-gaya*, “breek, maal, vergruis”, maar dit is ook Zu. *uku-gaya* (Doke-Vil 233) en dus eint. Ngu.

ghaip v. gheip.

ghaita v. keita.

ghal I v. ghaai IV.

ghal II: (dial. v.) “straf” (WAT s.v. **ghal**³); verb. m. Na. //kara, “straf”?

ghallie: (dial. v.) “loop” (WAT s.v. **ghallie**²); verb. m. Na. *gari*, “zu gange sein, in bewegung sein” (Kroen); in Hott. (Ohott., Kor. en Na. inbegrepe) kom *l* betr. selde voor, hoof. o.a. in

leenw. (waar *l* nie, soos gew., reeds deur *r* vervang is nie) en waar die Eur. luisteraar dit blb. (soos by *gari* — *ghallie*) moeilik gevind het om tussen *l* en *r* te ondersk., soos ook by nie-Hott. wd., vgl. dial. Ndl. *gespel* — Afr. *gesper*, e.a. (vgl. Nien HOTT bl. 182, 27. (4) (a)).

gham I: (dial) pln. (*spp. Schotia*, fam. *Leguminosae*), blb. dies. as *gham*/*ghammabessie* (WAT), ook bek. as *boerboon*, *hottentots=boon*; hou verb. m. Xh. *um-gxam* (plant) en *in-gxam* (bessie) en Zu. *um-gxamu*, *spp. Schotia*, dus Ngu.; vgl. WAT s.v. **gham**¹.

gham II v. kam II.

gham III: (dial. v.) “speel”; tereg deur WAT (s.v. **gham**³) afg. v. Hott. (beter Na.) ≠ *gam*, “speel”.

ghamma I: (dial. v.) “gus, kween; hermafrodiet” (by diere); WAT (s.v. **ghamma**¹) lei af v. Hott. *!gama*, “hermafrodiet” (beter Na. *!gama-s*, vr., want dié ben. word gew. op ’n vr. dier of mens toeg.).

ghamma II v. WAT (s.v. **ghamma**³) en ook **ghoem I** en **ghoen I** hieronder.

ghams: — *kams* — , (dial. v.) “diep holte” (WAT noem dit Hott. sonder meer); kan dit misk. verb. hou met Na. *!goa-b*, “loch (graben)” (Rust) of met Na. *!khanu-b*, “der graben, das loch” (Kroen 198b); vgl. Nien HOTT s.v. *gat*.

ghan v. ghoen I.

ghantang: — *ghantam*/*ghentang*/*ghjantang* — , by WAT in bet. “vryer; nôientjie”, met vermelding v. sinon. *ghoelang*, maar sonder vermelding dat *ghantang* ’n Mal. maat- en gewigsterm is (= 5 *kati*’s). Was daar misk. by die vryery onder Kaapse Maaleiers ’n skertsende sinspeling op *katjies* (volkset. v. *kati*’s) en *ghantang*? Besware alleen sem.; andersyds alg. besware v. gebrs. en ook v. fonet. aard (bv. epent. *t*) teen afl. uit Na. ≠ *gan*, “verlangen, fordern, um etwas bitten” (Kroen) en “um eine braut werben” (Rust) + Na. //ã (as *-(a)ng* gerealiseer), “eroties liefhê”, dus eint. “vraer v. erotiese liefde”.

ghap v. ghaap III.

ghaperta v. ghaberta.

ghaps v. ghabba III.

? **gharghartjie:** (dial. v.) “mier-/sandleeu” (WAT); misk. hou dit as dim. redupv. verb. m. **graatjiemeerkat** (q.v.).

gharra I: (dial. v.) “soort taaibos met eetbare bessies”, versk. soorte ook bek. as (*soet*)*taaibos*, *garra*, ens. (veral *Rhus undulata*, fam. *Anacardiaceae*); by WAT (s.v. *gharra*¹ en *gharrabos*) afg. uit Na. *gara*, “koel”, dus eint. “koeltebos”; minder bek. ww. by WAT o.a. *ghnarra* en *gnarra*; v. egter *karee*, *taaibos*.

gharra II: (dial. v.) “lol, pla; grappe maak, kluitjies vertel, skerts” (WAT s.v. *gharra*²); nie duidelik waarom WAT Na. *gara*, “hin=der, pla, steur”, en Na. *gara*, “grappe maak”, ens., onder dies. lemma behandel nie — desnoods te skei in *g(h)arra* II en III.

gharra III v. garra II.

gharretjie: — *ghartjie*/*ghratjie* — , (dial. v.) “soort meerkat” (fam. *Viverridae*) en “soort muishond” (fam. *Herpestidae*); by WAT s.v. *ghartjie*, v. *graatjie*(meerkat) en vgl. ook *gharghartjie*.

ghas: (dial. v.) “oplettend”; v. *ghaap* III.

ghasjle v. hamba ghasjle.

ghau: (dial. v.) “kwaad wees”; WAT se afl. v. Hott. *gao* (beter Na. ≠*gao-b*, “hart”, onoortuigend, eerder uit Na. ≠*kawa-b*, “der böse”, dan *ghau wees* = *die duiweljosie in wees*, met weglating van *in* voor *ghau* deurdat Na. ook ≠*kawa* as b.nw. ken in bet. “böse”).

ghawwa-: — verw. en ww. *gabbatjies*, *ghaps*, *ghawwatjies*, *ghawwa-tjiewater*, *ghawwawater*(*tjies*), *ghwaba*-/*ghwawater* — , (dial. v.) o.a. “flou of slegte of swart koffie of tee; koffie of tee sonder suiker”; WAT lei af v. Xh. *i-gqwaba*, “swart koffie”, wat op sy beurt ontl. sou wees aan Hott. *!kabe* (Na. *!kawe*?), “opdrink”, of aan Hott. *gabu* (Na. *gawo* ?), “n mondvul neem”; v. egter *ghabba* III en *ghaboe* I; Zu. *gqwaba* ook pej. toeg. op: “graan of gras, ens., wat sleg groei”; v. ook *gabbat* II, *witgatboom*.

ghei I v. geitjie.

ghei II: (dial. v.) “waai v. d. been” (WAT s.v. *ghei*²), afg. v. Hott. */gei*, by Tin (98) *cgei-za-p*, “front of the leg”, en by Kroen ≠*geitsa-b* of ≠*gitsa-b*, albei vir Na. (vgl. Nien HOTT s.v. *dy* III en *skeen*(been), en veral s.v. *waai* (v.d. been), waar Kor. */gei* aangegee word).

ghei III v. gheip.

ghei IV = ghei⁵ by WAT, v. *gaibossie*.

ghei-ghei v. geitjie.

gheip: — *ghaip/ghai/ghie(p)/ghob*, asook *neip* — , (dial. v.) “erd= wolf, maanhaarjakkals, nadroe” (*Proteles cristatus*, fam. *Hyaeni= dae*); WAT lei af v. Hott. */gei-b* en */gi-b* (in ons Na. bronne */gi-b* en afg. vorme */gei-ra-b*, */gei-ri-b* en *gi-ri-b*); hou dit misk. verb. m. Na. ≠ *gei*, “roep, skreeu”?

gheis v. **geitjie**.

gheita v. **keita**.

gheiwortel v. **ghaaiwortel**.

ghenda: (dial. v.) “soort klipspel” (WAT); Zu. ww. *-genda*, s.nw. *in-genda*, ondersk. “klipspeel; klipspel” (Doke-Vil).

ghentang v. **ghantang**.

ghentoe v. **jentoe**.

ghetto: “stedelike agterbuurt”; via Ndl. of Eng. uit It. *ghetto*, eint. redukv. v. It. dim. *borghetto*, “stadjie”, d.w.s. deel v. stad, in Eur. lande vroeër meer bep. Jodebuurt.

ghibbie: — *kibbie* — , (dial. v.) “motreën”; WAT (s.v. **ghibbie**²) lei af v. Hott. */abi* (Bur noem Kor. *'kavii-p* of *'kavi-p* en Cam *awi* vir Na., in ons Na. bronne as */awi* (ww.) en */awi-b* (s.nw.) aangegee in bet. “reën”, waarby opgemerk moet word dat */awi* en */kavi* ww. is (v. Nien HOTT s.v. **reën** V en VI).

ghie v. **gheip**.

+ **ghiedie:** “outydse geweer” (wat nog tydens die Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902, in gebr. was); deur WAT tereg m. Fr. eien. Guedes in verb. gebring.

ghia: (dial. v.) “laf; mal(kop)”; deur WAT op gesag v. Frank (TB 138) afg. v. Mal. *gila*, “gek”.

ghielangghaap: — (*d*)*jiekelanghaap/jiekhieliengghapa* — , (dial. v.) “draai, swaai” deur WAT op gesag v. Eng J. in verb. gebring m. Xh. uitdr.: *jikela nghap(h)a*, “draai hierheen om”.

ghielie I: “hengelaarsjoggie” (WAT s.v. **ghielie**¹); Eng. *gillie* uit Gael. *gille*, “bediende, knaap”.

? **ghielie II:** “klein riviervissie” (veral as aas gebr.); redukv. v. *ghiele-/ghieliem(i)entjie*, deur WAT (s.v. **ghieliemientjie**) afg. v. Eng. *gillieminkie* (nog nie duidelik geïd. nie, misk. *spp. Barbus*, vgl. Barn 58), eerste lid van ss. misk. dies. as **ghielie I**, tweede lid blb. langs Natalse kus ontst. en nog onverkl.

ghienie: “goue muntstuk ter waarde v. 21 sj.” (vroeër in omloop, later slegs ’n waardebedrag); Eng. *guinea* na Guinea aan die Goudkus van waar goud vir die munt daarvan vroeër gekom het (WAT); in Ndl. het die *g* in *guinje/guinie/guinee* die klank=waarde v. Afr. *g* in *goed*, by Trig *gienie* en 1Ro T DLT (238) meen dat sy uitspr. *gh* kon gewees het.

ghiep v. gheip.

+ **ghig:** met Eng. uitspr., “ligte tweedisselboomkarretjie”; Eng. *gig* (sedert 1791), misk. uit *gig* in bet. “iets wat snorrend draai” (kn.); Ndl. het *giek* as ’n laat ontl. uit Eng.

ghikghei v. geitjie.

ghirrie: (dial. v.) “gifseer”; deur WAT afg. v. Hott. /*gari-* (d.w.s. Na. /*gari-b*, “unkraut”, en /*gari-s*, “blutschwäre”).

ghitaar: — *kitaar* — , “snaarinstrument”; Ndl. *citer/cither* (ouer *cythar*; eers sedert 17e eeu), soos Eng. *guitar* uit Fr. *guitare*, naas Sp. en Port. *guitarra* uit Lat. *cithara*; hou verb. m. Afr. *siter*.

ghjantang v. ghantang.

ghnap: — *gnap/nap* — , (dial. v.) “bobbejaannoors” en “die melk=sap daaruit” (*Euphorbia polygona*, fam. *Euphorbiaceae*); wsk. Hott., maar herk. enigsins onseker; hou dit bv. verb. m. Lic se *t'naitaa-b*, “aap” of “bobbejaan” (v. Nien HOTT s.v. **bobbejaan** IV) of in bet. “voëlent/voëllym” m. **ghaai** II uit Na. ≠ *ai* of ≠ *nao*, “kleef” ? Na. ≠ *nao-s* bet. “klewing”, maar ≠ *nao-b*, “vuilis” (vgl. ook Pet A s.v. **gnap**).

ghnarra(bos) v. gharra I.

+ **ghnoe I:** hoofs. d. S.A. Eng. bewaar, maar min gebr. in Afr. v. “wildebees” (*Connochaetes gnou*, fam. *Bovidae*, meer bep. *swart=wildebees*), veral 18e-eeuse spelv. *gnoo*, *gnou*, *gnu*, *t'gnu*, *t'gnoe*, mntl. Hott. ontl. uit Boes. *gnu* (Ble BD 720) en uit Hott. en/of Boes. in Xh. as *i-nqu* en as kn. te beskou; daarnaas Na. *gao-b* en /*gao-b*, reeds by Bor as *ghow* en by Lic as *gau-b*, meer bep. v. d. “blouwildebees” (v. Nien HOTT s.v. **wildebees** II en III).

ghnoe II: (dial. v.) “steenbok” (WAT s.v. **ghnoe**²), afg. v. Hott. *!noa-b*, maar sonder vermelding v. bet., misk. kom *!noa*, “voortspring” of *!noë*, “vinnig wees” in aanmerking (aansl. moeilik by Nien HOTT s.v. **steenbok** I, II en III, dié onder IV, nl. *k'goeda*, *gauda*, *kaoda* toon ’n mate v. ooreenkoms met dié v. Bor en Lic vir “blouwildebees” by **ghnoe** I), met die gevolg dat WAT se afl. nie uitsluitel gee nie.

ghnorra v. **norra** II/norro.

gho I: — *ghoe* — , (dial. v.) “wildeamandel”, en sy “boontjies” (waarvan koffie gemaak word), pln. (*Brabeium stellatifolium*, fam. *Proteaceae*); vlg. WAT (s.v. **gho**¹) van Hott. (Na.) *!go-s*, “doringkoffieboom”.

gho II: (dial. v.) “oorskietkos”; vlg. WAT (s.v. **gho**²) van Hott. (Na.) ww. *!gou* en s.nw. *!gou-s*, “oorbly(fsel)”.

ghob I: (dial. v.) “erdwolf”; v. **gheip** en verder Nien (HOTT s.v. **jakkals** III en VI) en skei v. **ghob** II wat WAT onder dies. lemma behandel.

ghob II: (dial. v.) “wildehond” (*Lycaon pictus*, fam. *Canidae*); vlg. WAT uit Hott. (Na.) *!gou-b*, “wildehond” (v. Nien HOTT s.v. **wildehond**).

ghobba v. **ghaap** I.

ghôbos: (dial. v.) “trassiebos” (*Acacia stolonifera*, fam. *Legumi nosae*), lyk na ’n hibr. ss. van **gho** I en *bos*, maar *gho* is ’n boom met ’n amandelagtige pitvrug en *ghô* ’n doringboom met peulvrugte, *trassiebos* genoem, omdat dit ’n unieke tussens. onder akasias is; rekening daarmee te hou dat dit mntl. verb. hou m. Na. ≠ *gôa-s* of m. *!gama-s*, wat albei bet. “hermafrodiet” behels (v. **ghamma** I).

ghodoeka: (dial. v.) “huis toe gaan” (WAT); Ngu. *uku-goduka*, “huis toe gaan”.

ghoe I: s.nw., b.nw., ww., (dial. v.) “skurf(te)/vuil(is) wees/word,” ens., “hê/kry”, ens., talryke verw. by WAT (s.v. **ghoe**¹) wat dit in verb. bring m. Hott. (Na.) */gu*, “vuil wees”.

ghoe II v. **gho** I.

ghoeboe I: “eensnarige boogmusiekinstrument met kalbas”; Ngu. *i(si)-gubu*, “kalbas”, Zu. (Ngu.?) *u(lu)gubu*, Swaz. *li-gubhu*, “die musiekinstrument”; vgl. WAT (s.v. **ghoeboe**¹).

ghoeboe II v. **kaboe**(mielies); ook **ghaboemielies**.

ghoeboe III: (dial. v.) “sleg, smaakloos, swak” (WAT s.v. **ghoeboe**³); misk. verb. m. **ghabba** I en III en **ghaboe** I (v. Hott. herk.) en verw. aan Xh. *i-gubugubu*, “smaakloos wees”; ook ww. *koeboe* en *kouboe* e.a.

ghoef: (seunst.) kn. v. “swem” en daaruit (minder alg.) *ghoefies*, “swembad”.

ghoeganna: (dial. v.) “skurf(te), vuil(is)” as s.nw., b.nw. en ww. (WAT), Hott. (Na.) /*gu-χa-na* (lett.) “vuil-agtig-e”, verb. m. **ghoe** I.

ghoeghoe: b.nw. en s.nw., (dial. v.) “minderwaardig(e pers.)”; wsk. redupv. v. **ghoe** I (q.v.).

ghoei: b.nw. en ww., (dial. v.) “vuil wees” (WAT); verb. m. **ghoe** I.

ghoela: (dial. v.) “melkkalbas” (WAT); Ngu. *i(li)-gula*, “melk=kalbas”.

? **ghoelang:** (dial. as sinon. v.) **ghantang** (q.v.); Mal. het *goela*, “versk. soorte suiker en soetigheid”; is dit misk. by Kaapse Maleiers ’n neol. wat ’n soortgelyke sem. ontw. toon as Eng. *sweetie*?

ghoelasj: “soort vleisgereg”; via Eng. (of Ndl.?) *goulash* uit Hong. ss. *gulyas*, “veewagter”, + *hus*, “vleis” (vgl. Afr. *skaapwagtersny* v. “dik sny brood”).

ghoeloe-ghoeloe v. **goeloe-goeloe**.

ghoem I: (word gesê v.) “iets groots in sy soort” (WAT s.v. **ghoem**¹ en vgl. **ghoema**¹, **ghoemela**, **ghoempa** en **ghoena**³ aldaar); loop deureen m. **ghoen** I (q.v.).

ghoem II: — *ghoema* — (WAT s.v. **ghoem**²), v. **ghoena**³ by WAT en **ghoen** I hieronder.

? **ghoem** III: (dial. v.) “fyn en sag gekookte (wilds)vleis” (WAT s.v. **ghoem**³), afg. v. Hott. *!gumi*, “sag word”; Na. *lumi*, “fein, zart” (Rust).

ghoema(liedjie) v. **ghomma**(liedjie).

ghoemps: (dial. v.) “buik”, (vulgêr v.) “liggaam van ’n swangere”, (oordr. v.) “kort, dik meid” (soos by WAT s.v. **ghoemps** in bet. II 2, by **ghoempsie**¹ en **ghoems**²), wsk. verb. m. Na. *||khom-s* (*||khome*, *||khome-s*), “maag, pens”.

ghoemsie(bessie): (dial. v.) *bidbessie*, *kraalbessie*, *minnaarsboontjie* of *paternostertjie* (*Abrus precatorius*, fam. *Leguminosae*); regstreeks (d. Kaapse Maleiers ?) of via Eng. uit Ang.-Ind. *goonch* (WAT) wat tot Hindo. *gunch* herlei word.

ghoen I: — (minder bek.) *ghan* — , (veral) 1. “skietalbaster”; 2. “gooiklip” (WAT s.v. **ghoen**¹); in bet. 1. seker verb. m. NHoll. *koen* (Boek ZV s.v. **koen** II (vir oorg. v. *k* tot *gh* vgl. Ndl. *kolf* —

Eng. *golf* — Afr. *gholf*, mntl. kon Mal. *goendoe*, “met tin gevulde dop waarmee na neutte gegooi word”, hierby die rol v. Eng. by *gholf* gespeel het, maar ook Hott. invl. was mntl.); verder moet rekening gehou word m. Na. ss. ≠ *koa-//gũn*, “elpebeen”, waarvan ghoens vroeër gemaak is (uit ≠ *koa-b*, “olifant”, + *//gũn*, “been”); in bet. 2. te dink aan Na. *!khu*, “met klippe gooi”, of aan *!gon*, “op die aarde lê/gooi”, - ben. en bet. 1. en 2. kon ook deurengeloop het (vgl. Frank TB 150 en Bosh VT 259–60).

ghoen II: (dial. v.) “skaap” (koll. = “skape”), soos by WAT (s.v. **ghoen**²); Hott. (Na.) *gu-n*, koll. v. ml. *gu-b*, vr. *gu-s*; reeds vroeg 18e eeu m. uitspr. *gh* (v. Nien HOTT s.v. **skaap III**).

ghoena I v. ghokum.

ghoena II: (dial. v.) o.a. “kersbos; skaapblombos” (gesl. *Sarcocaulon*); vlg. WAT (s.v. **ghoena**²), wsk. n.a.v. ben. *kersbos*, uit Hott. (Na.) ≠ *hunu*, “brand”, maar n.a.v. ben. *skaapbos* misk. ook te dink aan Na. *gu-n* (v. **ghoen II**), “skape = skaap”.

ghoena-ghoena: — *goena-goena* — , (dial. v.), “toormiddel” (WAT); as redupv. uit Mal. *goena*, “toormiddel”?

ghoenghoentjie: (dial. v.) “salmander”; WAT verwys na *ghoentjie*, (dial. v.) “akkedis, geitjie”, misk. verb. m. Na. *//on-//on-s*, “giftige akkedis, geitjie” v. ook **ghoentjie**, **koentjie** (vWiel 168), **konkon**.

ghoengnorro: (dial. v.) “traak-my-nieagtig”; deur WAT afg. v. Hott. (Na.) *!gun-!noro-b* (ml.) of *!noro-s* (vr.) — ook *!kom-!noro-b*, waar eerste lid bet. “gaan, loop” en die tweede “agterkop”, d.w.s. “loop m. die agterkop na iemand gekeer”, idiom. uitdr. v. “iemand verontagsaam” of “aanstellerig wees”.

ghoenie I: (dial.) s.nw. en ww. (WAT s.v. **ghoenie**¹), v. **ghoen I**.

ghoenie II: (dial. v.) “melk, (veral) sukkel om te melk” (WAT s.v. **ghoenie**²); afg. v. Hott. ≠ *noenie* (Na. ≠ *nuni*, “namelk soek”, d.w.s. melk soek by ’n bokooi wat reeds gemelk is).

ghoenie(bos): (dial.), mntl. verb. m. **ghoena II**.

ghoenies: (dial.) dim. by **ghoe I**.

ghoenoe: (dial. v.) “tonteldoek”; vlg. WAT v. Hott. (Na.) *gunu-b*, “tonteldoospit”.

ghoens: (dial.) uitr. by albasterspel; verb. m. **ghoen I**.

ghoentjie v. **ghoenghoentjie**, **koeintjie**, **kon-kon**.

ghoer: minder bek. ww. v. **ghoem** I (vgl. WAT s.v. **ghoer**¹).

ghoera I: — reeks ww. en spelv. by WAT (s.v. **ghoera**¹), by Scho TWK/NR 7, 1, 38 en by Nien (HOTT s.v. **ghoera**), “snaarmu=siekinstrument” (vgl. **ghoeboe** I), veral by Hott. en Boes. (vgl. Stow, teenoor bl. 108) en kn.; moeilik uit te maak of Boes. *ko//ha* of *ku//ha* (Ble-Llo 320 vlg.) aan Hott. ontl. het of an-dersom. Na. *gora-b* is 1. “kraai” en 2. “spel v. Boes. met 'n veer” (van 'n kraai?) — bestaan daar (kn.) verb.?

? **ghoera** II: (dial. v.) “meisie” (WAT s.v. **ghoera**²); herk. onseker, vgl. **ghantang** en **ghoelang**.

ghoeries: (dial. v.) “skurfte, vuilis”; blb. 'n afl. met *-ri* van **ghoe** I (Na. */gu*, “vuil”), vlg. WAT uit Hott. (Na.) */uri-χa*, “ryk aan vuilis”.

ghoeroe I: (dial. v.) “leermeester”; WAT skei **ghoeroe**¹, “leermeester”, van **ghoeroe**² (m. ww. *djoeroe*), “knap kêrel, onderlegde persoon”, maar vWel VAH (s.v. **goeroe**) en Hob-Job (s.v. **gooroo**) hou blb. net rekening m. Mal. *goeroe* uit Skt. *guru* in albei bet.

ghoeroe II: — *koeroe* — , (dial. v.) “drink- of suipplek vir vee (WAT s.v. **ghoeroe**⁴); vgl. Na. *//gam-//goro-b*, “tränkrinne” (Rust), waar *//gam*, “water”, eint. oorbodig is.

ghoes I: (dial. v.) “gestampde mielies”; WAT (s.v. **ghoes**¹) uit Xh. *umn-gqusho*, “gestampde mielies”, ww. *uku-gqusha* en *ukuti-gqushu*, “breek, stamp”, vgl. Zu. *um-gqusho*, “mixture of mashed food” (Doke-Vil.); Ngu.?

ghoes II: (dial. v.) “dop wyn”; WAT (s.v. **ghoes**²) lei af v. Hott. (Na.) *≠gu*, “drink”; v. ook **aghoes** I.

ghoesels: (dial. v.) “vuilis” (WAT); seker wel afl. m. agterv. *-sel* en mv. *-s* van **ghoe** I.

ghoesies v. **ghoe** I, **ghoeries** en **ghoesels**.

ghôganna, **ghôgarras** v. **ghoeganna**.

ghôghok: — (o.a.) *kôghok* — , (dial. v.) “oopgesnyde blik”; WAT lei af v. Ngu *i(li)-gogogo*, (ong.) “leë paraffienblik”, wsk. kn.

ghokop: (dial. v.) “seun, snuiter”; WAT lei af v. Hott. */go-khoi-b* (ss. uit Ohott. en veroud. Na. */gō-b*, “seun” en Na. *khoi-b*, “mens”), v. Nien (HOTT s.v. **seun** III).

ghôkum: — *doukom* — , (dial. v.) “bep. plant en vrug” (*spp. Car-pobrotus*, fam. *Aizoaceae*), reeds omstreeks 1828 *t’gaukum* (by WAT) en 18e eeu *gunna* (wsk. te vereenselwig m. *ghoenvyng*) by Thun (Scho PD 45–6), toeg. op *spp. Mesembrianthemum* (fam. *Aizoaceae*); verb. tussen *ghoena* en *ghôkum* wsk. maar onduidelik, terwyl verb. m. Na. //gũ, “volsadig, volsappig” mntl. is maar heeltemal onseker.

gholf: “bek. spel”; Eng. *golf* uit Ndl. *kolf* (deur WNT s.v. **kolf** I blb. aanvaar, maar deur dVri J NEW in twyfel getrek), mntl. verb. m. Nhd. *kolbe(n)* en hoërop m. Lat. *globus*.

gholla: uitr. (WAT s.v. **gholla**¹), v. **gotta**.

ghollewaan: — *ghollowa(a)n* — , (dial. v.) “koekepan, spoortrollie; tweewielkruywa”; vlg. WAT uit Xh. *ingolovane* (in Ngu. die volgende spelwyses: *ingolovane*, *in-Golovane*, *i-Ngolovane* en *i-nGolovane*), verw. onseker.

ghom: (dial. v.) “wolharig” (WAT s.v. **ghom**⁵); vlg. WAT wsk. Hott., maar geen afl. nie, wsk. uit Na. /gom, “wolharig”.

ghombos v. **gombos**, **noembos**.

ghomie v. **ghommie**.

ghomma(bos) v. **ghoena** II.

ghomma(liedjie): — *ghoema/goema(liedjie)* — , “bep. liedjies van die Kaapse Maleiers” (WAT); hou misk. verb. m. Oosterse musiekinstrumente, bv. Jav. *gamelan(g)*, vgl. vWel VAH 65 en 314.

ghommie: — *ghomie* — , (dial. v.) “dom” (WAT); wsk. verb. m. Na. !gomé, “stom wees”, misk. m. byg. aan Na. gã, “dom”.

ghong: “musiek- en sinjaalinstrument”; via Eng. en/of Ndl. *gong*, spos Fr. en Hd. *gong*, Sp. *gongo*, ’n laat ontl. aan Mal. *gong*.

ghonja v. **gonja**.

ghonka v. **konka**.

ghonna: (dial. v.) “loer na” (WAT s.v. **ghonna**²); uit Hott. (Na.) ≠ *gona*, “loer”.

ghonnel: (dial. v.) “bootrand” (visserst.); vlg. WAT uit Eng. *gunnel* uit *gunwale*, ss. v. *gun* en *wale* (Ndl. *waal*, “balk, paal”), d.w.s. die balk waarop die geskut gerus het.

- ghoos:** (dial. v.) “links”; vlgs. WAT uit Fr. *gauche*, “links”.
- ghorgonna:** (dial. v.) “skurfte”; vlgs. WAT uit Hott. (Na.) */goro-χa-na*, (ong. = “skurfagtighede”), vgl. egter **ghoe I** en **ghoeries**.
- ghorra I:** (WAT s.v. **ghorra**¹) v. **gharra II**.
- ghorra II:** (WAT s.v. **ghorra**²) v. **ghoera I** — daar bestaan egter ’n mening dat daar tussen die instrument (s.v. **ghoera I**) en ’n ander (Hott. */gora*) onderskei moet word; vgl. ook **ghoeboe I**.
- ghorra III:** (WAT s.v. **ghorra**³) v. **gora** (*gorê/gorra*).
- ghorrie:** (dial. v.) “minderwaardige pers.”, v. **ghoe I**, **ghoeghoe** en **ghwar**.
- ghou I:** (dial. v.) “komersie” (WAT s.v. **ghou**¹) uit Hott. *!gu*, “toedek met ’n kombersie”, misk. geabstr. uit Na. ww. *!gu-ei*, “toedek”, maar twyfelagtig, misk. verb. m. Na. ≠ *goa-b*, “bett=decke” (Kroen 125b).
- ghou II:** (dial. v.) “oorbly; oorhou” (WAT s.v. **ghou**²) uit Hott. (Na.) *!gou*, “bêre”, vgl. **gho II**.
- ghouboe I:** (WAT s.v. **ghouboe**¹) v. **kaboe(mielies)**, **ghaboemielies**.
- ghouboe II:** (WAT s.v. **ghouboe**²) v. **ghaboe I**.
- ghoughim/-koem/-kom** v. **ghokum**.
- ghoungat:** (dial. v.) “flink, knap, ywerig”; vlgs. WAT uit Hott. *gon-χa*, *gun-χa*, “doenig, woelig”, maar ons Na. bronne het *gon-χa*, “beweeglik, woelig” (in ongunstige sin) en *!gûn-χa*, “gaan-/looplustig” (nie-ongunstig); het ons in tweede lid volkset. *-gat* uit Na. *-χa* ? (vgl. Afr. *woelgat*).
- ghries:** s.nw. en ww., “smeer”; Eng. *grease* uit Ofr. *graisse* uit Lat. *crassus*, “vet”.
- ghriesland** v. **driesland**.
- ghroetes:** (dial. v.) “velde” (by Boerneef in *Boplaas*, 1938, bl. 49); wsk. verb. m. Na. *!garo-b*, “droë veld, woesteny, woestyn” (behou in *Karoo*) — Na. vr. mv. is *-ti*, wu. misk. *-tes*, met Afr. mv. *-s*.
- ghrok:** — *grok* —, “alkoholiese mengdrank”; Eng. *grog* na die bynaam van adml. Vernon (1684–1757) wat ’n mantel v. *rogram* (uit Fr. *gros grain*) gedra het en *grog* i.p.v. rum aan sy matrose laat bedien het; ook in Ndl. as *grog* en *grok*.

ghrop: s.nw. en ww., “bep. soort eg of skoffelploeg”; Eng. *grub*.

ghwa I: (dial. v.) “verby, verlore, weg”; vlg. WAT (s.v. **ghwa**¹) òf uit Hott. uitdr. *go a*, “verby”, òf Xh. ideofoon *gwa*, “skielik verdwyn”. In ons Na. bronne is daar 3 ww., nl. *ga*, *gawa* en $\neq k\ddot{o}a$, wat almal die begrip “verloor; weg wees” behels, maar *gwa* kon nie in Xh. of Zu. in dié bet. opgespoor word nie; die beskikbare feite pleit v. Hott. herk.

ghwa II: (dial. v.) 1. “winddroog”; 2. “volstruisbiltong” (WAT s.v. **ghwa**²); bet. 1. en 2. het begrip “gedroog” gemeen; v. **ghwa III** en **ghwaai**.

ghwa III: (dial. v.) “tabak”; vlg. WAT (s.v. **ghwa**³) Hott. of Boes. uit Zu. of So.; in Boes. is *ghwa* “dagga”, terwyl So. *kwai* (*koae*) beantw. aan Zu. *u-gwayi*, “tabakplant, tabak, snuif” (Doke-Vil), v. **ghwaai**.

ghwaai: — *ghwai* — , (dial. v.) “tabak” (lett.); “twak” (fig.); vlg. WAT (s.v. **ghwaai**¹) uit Zu. *u-gwayi*. Die inboorlinge het tabak blb. by die Blankes leer ken en gew. ontbreek eie woorde daarvoor in hulle tale, sodat hulle moes ontl. of omskrywe. Na. het bv. die leenw. *tabaka-b* of die ss. $\neq gai$ - $\chi u\ddot{i}$ (uit $\neq gai$, “rook”, en $\chi u\ddot{i}$, “iets, ding, goed”) dus “rookgoed” (Pla HNS 102 en Nien HOTT s.v. **dagga**, **rook** (**pyp**-) en **tabak I**, **II** en **III**) en Xh. het s.nw. *i-gwada*, “snuif”, en ww. *uku-gwada*, “snuif”, terwyl Zu. *u-gwayi* al dié bet. dek, sodat Zu. blb. die uitgangspunt vir *ghwa(a)i* was, wat dit mntl. aan Hott. (Na.) ontl. het.

ghwab: — *dwab* — , (dial. v.) “bep. kruidgewas en vrug” (*Pentarrhinum insipidum*, fam. *Asclepiadaceae*); vlg. WAT uit Hott. (Na.) */goa-b*. Mar (125) het onder fam. *Asclepiadaceae* drie opgawes van *ngaap* (een *sp. Hoodia* en twee *spp. Trichocaulon*), sodat *ghwab* blb. verb. hou m. **ghaap I** en **ngaap**.

ghwaba(watertjies): — *ghwawater* — , (dial. v.) “flou tee; swart koffie”, as dit (soos by WAT) verb. hou m. Xh. *i-gqwaba*, dan wsk. ook m. **gabbat(jies)**, **ghabba I** en **III**, **ghaboe I** en **ghaps** (almal m. Hott./Na. agtergrond); vgl. ook Nien (HOTT s.v. **drink II**).

ghwa-ghwa: (dial. v.) “dwergvetplant” (*Caralluma hottentotum*, fam. *Asclepiadaceae*); by WAT slegs “wsk. Hott.”; blb. redupv. v. woorde behandel onder **ghaap I** en **ghwab** (q.v.); by vWiel 169 “veldkos wat op ghaap lyk”, misk. verb. m. Na. */goa-b* (Kroen 111a) as redupv.?

ghwai v. ghwaai.

ghwalla: (dial. v.) “minderwaardige mens”; by WAT slegs Xh. en verwysing na *ghwar*; hou wsk. verb. m. Ngu. *i(li)-gwala*, “lafaard” (Doke-Vil); v. ook *ghwar*.

ghwana/ghwano v. *guano*.

ghwar: — (minder bek.) *ghwarra* — , “minderwaardige pers.” (WAT s.v. *ghwar*¹ en verwysing na *ghwalla*); kan misk. verb. hou m. *ghorrie* (wsk. Hott.) en/of m. *ghwalla* (Ngu.), maar misk. moet ook rekening gehou word m. Ndl. *kwat*, “onvolgroeide vrug of dier”, naas dial. *kwast*, o.a. “gek, sot”, e.g. as “jong” wd. beskou. Vir Afr. v. belang is: hoe “jonk”? Beteken dit misk. “pas ontdek”? Want *ghwar* bestaan minstens 50 jaar. As daar verb. bestaan tussen Afr. *ghwar* en Ndl. *kwat*, dan vglb. met *ghoen* — *koen*.

ghwarra I: (dial. v.) “pla, terg” (WAT s.v. *ghwarra*¹), v. *gharra* II en III.

ghwarra II: (dial. v.) “minderwaardige pers.” (WAT s.v. tweede *ghwarra*², bedoel is *ghwarra*³), v. *ghwar*.

ghwarrie I: pln. (*spp. Euclea*, fam. *Ebenaceae*) sluit met sy ww. *kwarrie* aan by spelv. v. Thun, IVa en Bur, nl. *quarri* en *goiree* (v. Nien HOTT s.v. *ghwarrie*(bos) en Scho PD 47–9) en is Hott., hoewel nie in ouer Na. wdb. te vind nie; Ngu. *um-gwali* is blb. daaraan ontln., mntl. ook Boes. /*kwarre*; v. ook *karee*, *taibos*, *raasbessie*.

ghwarrie II: (dial. v.) “gruisgat” (WAT s.v. *ghwarrie*²), gewoner is *kwarrie* (q.v.); *gh* òf onder invl. v. *ghwarrie* I òf geval v. wisk. *k* en *gh*, v. *ghwar*.

?**ghwarrie III:** (dial. v.) “bohaai, herrie” (WAT s.v. *ghwarrie*³); herk. onbek.

?**ghwarrie IV:** (dial. v.) “erg” (WAT s.v. *ghwarrie*⁴); herk. onbek.

ghwawater v. *gabbatjies*, *ghabba* III, *ghaboe* I, *ghawwa*, *ghwaba* = (watertjies).

ghwenja: (dial. v.) “kafferpruim” (*Harpephyllum caffrum*, fam. *Anacardiaceae*); vlg. WAT uit Xh. (ook Zu., dus Ngu.) *um-gwenya* (Doke-Vil).

gierlande v. *guirlande*.

gif I: mv. *-te*, “geskenk”; Ndl. *gift* (Mnl. *ghifte* naas *ghichte* met *ch* uit *f*), Hd. *gift*, Eng. *gift*, ablv. by *gee/gewe* (q.v.).

gif II: mv. *-te* of *giwwe*; Ndl. *gif* (ouer *gift*, sedert Kil), “gifstof, vergif”; ontl. aan Hd. *gift*, blb. ’n sem. ontw. v. **gif** I (vgl. Eng. en Fr. *poison* uit Lat. *potio*, “drankie”, wat eufem. en ironies vir “gifstof, vergif” gebr. is, vgl. Klu EW).

gifappel v. **dortel**(appel).

gifblaar v. **maakgou**.

gifbol v. **bolletjiesgif**.

gifboom: versk. booms.: 1. *Hyaenanche globosa*/Toxicodendron *capense*, fam. *Euphorbiaceae*, ook bek. as *boesmansgif*, *boomgif*, *wolwegif*, *wolweboontjie*, ben. n.a.v. gebr. v. gif uit boom om ongedierte uit te roei; 2. *spp.* *Aconanthera*, fam. *Apocynaceae*, ook bek. as *boesman-*, *hottentot-*, *kaffergif*, *boesmanpyl*, ben. wsk. n.a.v. gebr. v. d. hout of gif vir pyle deur die inboorlinge; 3. ander *spp.* *Euphorbia*, fam. *Euphorbiaceae*, v. Mar 31, 32, 115, 125 en WAT s.v. *gifboom*.

+**gikkerbollie** v. +**kerriebollie**.

gilletjie v. **jilletjie**.

ginder/ginter v. **gunter**.

giraf: ook *kameel(perd)* en *boskameel* genoem (*Giraffa camelopardalis*, fam. *Giraffidae*); via Ndl. en/of Eng. *giraffe* uit Fr. *girafe*, soos Hd. *giraffe*, It. *giraffa*, Port en Sp. *girafa*, uit Arab. *zarafa/zerafa/zurafa*; reeds in 1663 in S.A. *kameel* genoem, maar wsk. so uit Ndl. oorgeërf (Scho PD 36).

gis I: “raai”; Ndl. ww. *gissen* (Mnl. *ghissen*, o.a. “vermoed, raai”) en s.nw. *gis* (Mnl. *gisse*), Eng. *guess* (sedert 14e eeu), hou verb. m. *vergeet*, Hd. *vergessen*, Eng. *get*, *forget*, *beget* en hoërop m. Lat. *praeda*, “buit” (uit *prehendere*, “in die hande kry”), in Eng. en Skand. wsk. uit Ndl. uit Hd. en ouer bet. ong. “kry, verkry, vind, bereken”.

gis II: “iets wat gisting veroorsaak, bv. suurdeeg”; Ndl. s.nw. *gist* (Mnl. *ghest/ghist*) en ww. *gisten* (Mnl. *ghesten/ghisten*), Hd. *gäscht/gischt*, *gähren*, “laat gis”, Eng. *yeast*, hou wsk. verb. m. Eng. *gore*, “dooiebloed”, en m. Afr. *goor*(*maag*) en hoërop m. Gr. *zeō*, “ek kook”.

git: “swart” (vgl. *gitswart* = *pikswart*); Ndl. *git* (Mnl. *ghet* naas *gagaet/gagates*), soos Eng. *jet*, uit Ofr. *get* (Fr. *jais*) uit Lat. *gagates*, afg. v. riviernaam *Gagas* in Lisië, nog in Hd. *gagat*.

gits v. **gotta**.

gitta v. **gotta**.

glaasogie v. **karieogie**, **kneutjie**, **witogie**.

glashout v. **wasbessieboom**.

glattendal: “geheel en al”; uit Ndl. wdg. *glad en al* (ouer *glad en(de) al*, minder wsk. uit *glad 'n maal*), vgl. egter *glattenmal* en *gansemal* as wsk. kontamv. (Scho TWK 14, 1, bl. 13, met aanh. i.v.m. gebr. gedurende die jare sestig v. d. 19e eeu), asook *gansegaar* uit Ndl. wdg.

glie: veral. bek. in ss. *gliewortel* (by WAT s.v. *Glia*² en *glie*), pln. (*Glia* (*Ruthea*) *gummifera*, fam. *Umbelliferae*); by Thun as Hott. *gli* (v. Nien HOTT s.v. **glie(wortel)** en Scho PD 47); oor *l* in Hott. wd. vgl. ook s.v. **ghallie**.

glieps v. **glips**.

glimlag: (gew.) “vriendelike, geluidlose lag”; vlg. WNT is Ndl. *glimlach*, met *glimplach* daarby (“nooit zeer gebruikelijk” — verskyn dan ook nie in WAT nie) dikw. deureen gebr. m. *grimlach* en *grijnslach*, maar tans ondersk. Ndl. min of meer soos Afr. *glimlag* (gew. “vriendelik, hoogstens lig ironies”, wsk. deur assos. m. *glim*, “glinster, skitter”), *grimlag* (nog soms = *glimlag*, origens “onvriendelik”, mntl. deur assos. m. *grimmig*) en *grynslag* (“haatlik, honend”, misk. deur assos. m. *gryns*); v. ook Kem WFA 227.

glimps: “verbygaande skynsel; bedrieglike skyn; vlugtige ver-skyning”, so ong. by WAT wat nie vorm m. slot-*s* opgee nie en derde bet. blb. aan Eng. *glimpse* toeskryf; WNT bring Ndl. *glimp* met wd. in verb. wat deurengeloop het, wat om bet. “skyn” draai en wat m. Eng. *glimpse* in bet., maar nie in herk. nie, oor-eenstem; ausl. -*s* is opvallend in Afr., wat Eng. invl. in hierdie geval nie uitsluit nie.

glips: — *glieps* — , “foutjie; verspreking; flater”, ook as ww., met opvallende slot-*s* (vgl. **glimps**); het min gemeen m. Ndl. *glip*, met bet. wat om “spleet” en “helling” draai, meer m. Ndl. *glippen*, *glipperig*; *glibberen*, *glibberig*, andersyds m. bet. v. *glad* en *gly*, maar verb. twyfelagtig.

glo: — (minder gebr.) *geloof/gelowe* — ; saamgetrek uit Ndl. *gelo(o)ven* (vgl. **blo** I). Die gebr. v. *glo* as modale bw. (bv. Hy is *glo* ryk . . .) kon ontw. het uit sy rol in tussensinne (bv. “Hij is (*geloove*'s mij) zoo milt niet van zijn goet”; en “Het zijn,

geloof ik, die stille traanen", v. WNT IV 1263 en 1270) en is te vgl. met gebr. v. *glaub* in Sw.-Du. (vgl. Baur 51, *glaub* = "vermutlich"); vir gebr. by Trig vgl. Scho TWK/NR 7, bl. 38. en i.s. funk. vgl. Kem WFA 65.

glyblom v. vlieëvangertjie.

g'n: sametr. v. *geen*; Ndl. *geen* uit ouer *engeen* uit *negeen*, t.g.v. metan. opgevat as *ne-geen* i.p.v. *neg-eeen* (vgl. Eng. *none* = *no one*; Hd. *kein* uit *nech-ein*/ *nek-ein* en Lat. *nec unus*).

gnaap v. ghaap 1.

gnap v. ghnap.

gneis: "gesteentes."; wsk. via Eng. *gneiss* (ook Fr. *gneiss*, sedert 18e eeu) uit Hd. *gneis* (sedert 16e eeu, vlg. dVri NEW so genoem na die glans; dies. wd. as Ohd. *gneisto*, "vonk", v. Ndl. *genster*).

gnoemnoum v. noem-noem.

gnometie v. noemetjie.

gô I: "blus, krag, uithouvermoë", veral in uitdr.: "sy — is uit" (v. **blus II**), vgl. WAT (s.v. **gô²**); hou dit misk. verb. m. Eng. *go* (vgl. "full of go"; "go phut" = "fizzle out"; "no go", ens.?).

gô II: "paaiboelie" (WAT s.v. **gô³**); misk. redukv. v. *gogga?* of hou dit verb. m. Na. ≠ *go*, "n afskrikteken maak"?

gobba: — *gôbies* — , (dial. v.) "(growwe)brood" (WAT); hou dit verb. m. Tsw. *bo-gobe*, "brood"? ; v. ook **mahobe**.

godsvrug: "godvresendheid"; Ndl. (sedert ± 1600) *godsvrucht* (Mnl. reeds b.nw. *godevruchtich*, "godvresend" na vb. v. Mhd. *gotforhtic*, gevorm na die Bybels-Gr. model *phobos theou*, "vrees van God"); tweede lid het geen verb. m. *vrug*, "plantaardige gewas" nie, maar wel m. Mnl. s.nw. *vrucht*, ww. *vruchten*, "vrees", verderop m. Hd. *furcht*, *fürchten*, (*gottes*)*fürchtig* en Eng. *fright*; verw. buitekant Germ. onseker.

-goed I: wd. waarmee ss., veral m. s.nw. en ww., gevorm word en wat in Afr. al byna 'n agterv. geword het (WAT s.v. **-goed³**); v. **vergoelik**.

-goed II: agterv. by wd., soms in ekv., soms koll.; volkset. v. Na. *-gu*, ml. mv. (Mein LNS 49, 124); vgl. WAT s.v. **-goed⁴**, Kem WFA 249, Rad 67–8 en IRo J OAS 83.

goedkoop: in bet. “bes moontlik” (WAT s.v. **goedkoop** in bet. 2.), vlg. Scho (TWK 14, 1, bl. 13) “in 17e-eeuse Ndl. vry gewoon”, met aanh. van gebr. in S.A. uit 1861.

goeganna v. ghoeganna.

goeie: — *goeiste* — , in uitdr. “goeie/goeiste weet” (WAT s.v. **goeie**); Scho TWK 14, 1, bl. 13, gee aanh. uit S.A. gebr. v. *goeyste* in 1849 en merk op: “*Goedste* as superl. van *goed* was in die 17de eeu taamlik gewoon”; maar *goeie/goeiste* in hierdie bet. is wsk. ’n versagting v. God, dus: God weet!

goeiechristenpeer v. bonchrétien(peer).

goeiste v. goeie.

goejop: (dial. v.) “hottentotsgot” (WAT); Hott. (Na.) // *gaua-b*, met *-j-* as oorgangsklank (Nien HOTT s.v. **hottentotsgot**).

goël: — (meer fig.) *gogel* — , “toor; tower”; Ndl. *goochelen/ guichelen*, vroeër ook *gookelen* (Mnl. *gokelen/goghelen*), Hd. *gaukeln*, “duiwelskunste uithaal; soos ’n hanswors rondspring”; blb. het Ndl. *goochelen* met *guichelen*, “spot”, deureengeloop, terwyl Ndl. *goochelaar*, Afr. *goëlaar/gogelaar*, Hd. *gaukler*, Eng. *juggler* andersyds via Ofr. *joglere* (Fr. *jongleur*) verb. hou m. Lat. *joculator* (uit *jocus*, “grap, skerts”).

goeloe-goeloe: — (wsk. ook) *ghoeloe-ghoeloe* — , ook bek. as *klapper* (die sg.) *kafferlemoen* (*spp. Strychnos*, fam. *Loganiaceae*), nie in WAT nie, wel by Mar (37, 124); Ngu. *um-gulugulu*.

goema(liedjie) v. ghomma(liedjie).

goesa: — *goesja* — , “uitr. by die aanjaag v. skape” (WAT, met verwysing na *koesa*); wsk. via Hott. (Na.) *gu-s, gu-b*, ondersk. “skaapooi, -ram” in Ngu. vir “skaap” en later toeg. op “merino=skaap” in *i(li)-gusha* (Doke-Vil); deur Ngu. aan Hott. (Na.) ontl. ?

goeters: ’n mv. van *goed*, vgl. *klippers* en *maters*.

goets v. gotta.

gogga: — (soms) *goggô*/(verk. tot) *gog/gô* — , (alg. ben. v.) “insekte” en “klein (veral grieselige) ongediertetjies”; vlg. WAT uit Hott. sonder meer, vgl. Na. *χo-χo-n*, redupv. m. uitg. v. pl. com. as koll. “für alle kleine kriechende und schleichende thierchen” (Kroen).

goggabie: — (soms) *goggabiebie* — ; vlg. WAT soms “gogga”, soms eufem. v. “luis”; v. **gogga** en **biebie(s)**.

goien(sak): — *going(sak)* — , (sak v.) “jute”; Ndl. *gonje* (ouer *goenie/goeny/goenje*, by vRieb *goeny/goenje*, met hiperk. *-je* vir *-ie* en mntl. ontl. aan en/of beïnv. deur Eng. *gunny*), met sg. velg. in Afr. *going*; gaan terug op Hindo. *goni* uit Skt. *goni*. “sak”.

gokwaan: “kaffertabak” (WAT); hou dit misk. verb. m. Tsw. *gogwana*, “opdroog, verkreukel” (bv. v. tabakblaar)? Tsw. v. “tabak” en “pyp” is ondersk. *mo-coko* en *ka-kana*.

goma: (dial. v.) “stamskool v. d. NSo.” (WAT); NSo. *kôma*, “’n diep geheim” (i.v.m. die besnydenis- of ontgroeningskool v. d. Pedi).

gombos v. **ghombos**, **noembos**, **draaibos(sie)**.

gommeslag: — *gomma-/gommessaai* — , “uitroep vir geluk by kinderspele” (WAT); seelui is in die 17e eeu na hulle bote geroep deur ’n sein bek. as *gommeslag* (Bosh VT 164, vgl. Bog I, 144) — bestaan daar verb.?

gonia: — *gonja*/(ook) *ghonia/ghonja* en *honia/honja* — , “soort blaasopsprinkaan” (*Cystocoeilia inanis*, fam. *Pneumoridae*), by WAT (s.v. **gonja**), DLtD GI 12 en 78, s.v. *gonnia* en by B. Smit; vgl. ook *goejaphonja* (v. **goejop**) en *gonja-honja* (v. **huidjiehu**), wsk. Hott. maar ook Xh. kn. naam.

gonna I: pln., WAT (s.v. **gonna**¹) en Mar (s.v. **gonna**) waarsku albei teen verwarring m. *ganna/kanna* en stem ooreen dat *gonna* tot die fam. *Thymelaeaceae* behoort, maar waar Mar net *Struthiola erecta* as (zout)*gonna* by dié fam. insluit en al die ander *ganna* of *kanna* noem, sluit WAT die ander (nl. *spp. Dais, Gnidia* en *Passerina*) saam met *Struthiola* daarby in; misk. het die ben. (zout)*gonna* en (zout)*ganna* (soos by Mar ondersk. 120 en 104) o.a. aanleiding gegee tot verwarring tussen plante v. d. fam. *Thymelaeaceae* en *Chenopodiaceae* (waarby die *spp. Salsola* eint. tuishoort); daardeur is ook etim. verkl. verder bemoeilik.

gonna II: “uitr. v. skrik, verbasing”, ens.; vlg. WAT (s.v. **gonna**³) wsk. eufem. v. **gotta** (q.v.); of Spa (R I 238, 242) se *t’gaunassi* hiermee verb. hou, is moeilik uit te maak (v. Bosh VT 385, en Nien HOTT s.v. **verwensing** III).

gops I: “minderwaardige buurt, plek, pers.” (WAT s.v. **gops**¹); wsk. neol. (tot onlangs nie in Afr. wdb. nie), misk. uit studd. met slot-*s* (soos in *gaps*) n.a.v. Eng. sleng, *gob*, o.a. in bet. “homp, rommel, lummel”, maar onseker.

gora: — *gorê/gorra* — , “syfergat in rivierbedding” (WAT s.v. *gora*¹); Na. *χorá*, “na water grawe”, *χorá-s*, “graafwater”.

gorê I v. gora.

gorê II: (dial. v.) o.a. “skurfte” (WAT s.v. *gôre*²) v. **ghoe I, ghoeries, ghoesels en ghoesies.**

? **gorê III:** “bek-af” (WAT s.v. *gorê*¹); herk. onbek.

gorê IV: “snaarmusiekinstrument” (WAT s.v. *gore*⁴) v. **ghoera I.**

goree: (dial. v.) “aalwyns.” (*spp. Aloe*, fam. *Liliaceae*); Spa verbind die ben. m. d. naam van ’n slaaf en ’n rivier (R II 766–9), maar dit kom al by Claudius (1685) voor in die vorm *gorée* (geïd. as *Sempervivum spinosum*), in die 18e eeu ook by Men en Spa; dit is Hott. (Na.) *gore-b* (v. Nien HOTT s.v. *aalwyn en goreebos*).

gor-gor v. tjor-tjor.

gorlet(beker): “waswaterbeker m. nou hals, lampetbeker”; 1Ro T (BKA 88) se afl. uit *toilet* onaanvaarbaar; nie in WNT nie, hoewel reeds by Baldaeus, Val en vLin; Port. *gorgoleta* (uit *gorgo*, “keel”).

gorra I: “syferwatergat” (WAT s.v. *gorra*¹) v. **gora.**

gorra II: “snaarmusiekinstrument” (WAT s.v. *gore*⁴ en *gorra*²) v. **ghoera I.**

gorrel: “boonste deel v. lugpyp”; Ndl. *gorgel* (Mnl. *gorghel*, “pyp=bek, houtkraan”, reeds by Kil as *gorgel*, “keel”) mntl. via Ohd. *gurgula* (Hd. *gurgel*) uit mediese gebr. v. Lat. *gurgulio*, “lugpyp” — Germ. gebr. en vorme misk. ook beïnv. d. Ofr. *gargoule/gorgole* (Fr. *gargouille*), hiervan ook Germ. denom. ww. waarby o.a. Eng. *gargle*.

gorilla: “groot mensaaps.” (*Gorilla gorilla*, fam. *Simiidae*); die ben. kom reeds in die Carthaagse adml. Hanno (\pm 450 v.C.) se Fen. verhaal voor wat in Gr. as die *Periplous* (= “Omvaring”) vert. is en stam uit ekwatoriale Wes-Afrika; via Ndl. en/of Eng. *gorilla*, Fr. *gorille* uit Ll. *gorilla*.

+**gors(voël):** “bep. sangvoëltjie” (fam. *Fringillidae*); Ndl. *gors* (Mnl. (*gheel*)*gorse*), mntl. verb. m. Ll. *gursa*, maar Germ. en Lat. misk. kn. en dan verb. m. Mnl. *garren/gerren*, “snater”.

got: spelv. v. *god* in ss. soos *hottentotsgot* (*spp. Mantis*, fam. *Mant(e)i=dae*) na anal. v. d. mv. *-gotte*.

gotla v. **kgotla**.

gotta: sg. bastvl. v. *god*, Afr. het o.a. *gat*, *gats*, *gatta*; *gids*, *gits*, *gitta*; *godda(tjie)*; *goeie*, *goeiste*, *goets*; *gholla*, *golla*, *gollie*; *gom=ma(s)*; *gonna*, *gonna(tjie)*, *gonnel*; *gotta(tjie)*, lg. te vgl. m. Gra (262) se Hass. *gotteke(s)*; Ndl. het ook, o.a. met *a*: *ga*, *gadt*, *gans*, *gat*; met *e*: *get*, *ghed*; met *i*: *git*; met *o*: *go*, *gomme*, *gord*, *gort*, *gorrie*, *gossie*, *goy*; met *u*: *grut*, *guns(t)* en selfs met anl. *p*: *pot(s)*, vgl. Hd. *potz*; enkele gevalle in Afr. kon misk. d. Hott. beïnv. gewees het, vgl. **gonna** II.

gouigheid: “skranderheid gepaard m. behendigheid”; Ndl. *gauwig=heid*, in dié bet. in Ndl. tans blb. nie meer in gebr. nie, by vRieb nog wel in (*zeemans*)*gaeuwicheyt*.

gouna: hieronder behandel WAT 'n gesl. “kewertjies” (fam. *Scarabaeidae*) wat nie hier ter sprake is nie, maar onder **ghouna** verwys dit na **ghonna**¹, 'n ghaaps. wat tot die fam. *Asclepiadaceae* behoort, terwyl Mar (33, 105) se **gouna** (wat ook al die uitspr. was) betrekking het op *spp. Mesembrianthemum* (fam. *Aizoaceae*) wat mntl. verb. hou m. **ghôkum** (q.v.).

gouroe: “'n gat in 'n klipplaat waarin water staan” (vWiel 168); hou wsk. verb. m. Na. //garu-b, “wasserbecken (im felsen), natürliche cisterne” (Kroen 86a) — is dit wat WAT m. *ghouroe/koeroe* bedoel?; v. ook **ghoeroe** II, **koeroe/gouroe**.

gousblom: soms vereenselwig m. *botterblom*; WAT noem 'n reeks (fam. *Compositae*) waarvan sommige met dié in Nederland ooreenkom; Ndl. *goudsbloem* (v Rieb noem (d.d. 8.7.1654) twee bote, nl. *Goutsblom* en *Botterblom*, en Van der Stel (1686) die blom- en pln. *goudts bloem* — albei name n.a.v. die kleur).

graaf: (spitwerktuig”; *graaf* was blb. dial. en meer bep. Holl., teenoor Ndl. *schop*, terwyl Afr. tussen *graaf* en *skopgraaf* onderskei (Scho TWK/NR 7, 1, bl. 38).

graatjie(meerkat): — *gartjie/ghar(re)tjie/ghratjie* — , “bep. soort meer-/mierkat” (*Suricata suricata*, fam. *Viverridae*), ook bek. as *stokstertmeerkat*; reeds by Claudius (1685) as *chara*, in Na. ml. *χara-b*, vr. *χara-s* en /hei-*χara-b*, “geelmeerkat”, Kor. *gara-b* (m. *g* = *gh*) en ook in Boes. dial. as *χara*, *χara-b*, *χara-gi* (v. dTo (dr.) S. J., DH 19.6.1925, Scho PD 44–5, WAT en Nien HOTT s.v. **meerkat**), misk. oorspr. Boes.

gramadoelas: — *g(r)amadoelies/gamadoelas/kamadoelas* (Wes-Tvl.) — , “woeste, onherbergsame gebied; gopse”; daar moet wsk. uitgegaan word v. Xh. *in-duli* en/of Zu. *i(li)-duli*, albei “heuwel” en albei mv. *amaduli* + Afr. mv. *-s* (soos in *g(r)amadoelies*)

en/of mv. *-as* (soos by bergn. *Amatolas*), maar die wd. is eerder koll. as mv. en dan dink mens aan die lok. pref. wat in NSo. *ga-*, in Tso. *ka-* (soms *eka*) en in Ven. *ha-* lui en wat gew. net voorkom voor eien. v. pers. wie se name nog met dié plek geassos. is, tensy die wd. d. blankes gemaak is na anal. v. sulke plekaanduidende Bant. name, iets wat Four (in korrespondensie) mntl. geag het, hoewel dit die anl. *gr-* in die mees bek. ww. onverk. laat (v. Bosh TWK II, 1, bl. 15 vlg.).

granadilla: — *grenadella* — , plant en vrug v. d. rankplant (*spp. Passiflora*, fam. *Passifloraceae*); wsk. via Eng. *gra-/grenadilla* uit Sp. dim. v. *granada*, “granaat”, uit Ll. *granata*.

grashuisie: versk. soorte ruspers (fam. *Adelidae*, *Cossidae*, *Psychidae* en *Tineidae*) wat hulle in graskokertjies toedraai; blb. nie in Ndl. bek. nie en beantw. ook nie aan Ndl. *grasrups* nie.

graweel: “blaas- of niersteenstof; siekte daardeur veroorsaak”; Ndl. *graveel* (Mnl. *graveel/gravele*) uit Ofr. *gravel* (Fr. *gravelle*) wu. o.a. ook Eng. *gravel*, almal dim. vorme v. *grave/grève*, “kiesel- of sandstof”, wsk. uit Gall.-Rom. *grava*, “kieselsteen”.

grenadella v. granadilla.

grens I: “skeidingslyn” (s.nw.), “naasaan geleë wees” (ww.), soms in Afr. *genas.*, soms nie; Ndl. s.nw. *grens* (sedert 1573), ww. *grenzen* (by Kil *grentsen*) via ONed. *grenicze* uit Poo.-Rus. *granica*, “grensgebied”.

grens II: ww. “huil”, gew. in Afr. *genas.*; Ndl. *grijnen* naas *grijzen* (Mnl. *grinen*) hou verb. m. Eng. *grin* en *groan* — ook Mnl. het ww. vorme soos *grensen/grinsen*, in elk geval blb. hoof. Germ.

greppel v. grip.

Griekwa: lid v. ’n bep. groep Hott.; by vRieb, by ander 17e-eeuse en by 18e-eeuse skrywers kom o.a. voor: *Charigruqua(s)*, *Chari-guiqua(s)*, *Chariguriqua(s)*, *Charugriqua(s)* en *Grigriqua(s)*, met of sonder Afr. mv. *-s*, gew. m. Hott. mv. vroeër as *-gua* of *-qua* en later as *-kwa* weergegee, soms as *-ga* en *-ka* (v. Hah SN 30 en Tin 78, bv. *ghrika-χai-p*, (lett.), “Griekwa-mens”; deur sommige word verb. gesien met Na. */giri-b*, “jakkals” (v. Nien HOTT s.v. *jakkals* VI), dus eint. “Jakkals-mense”, maar onseker.

griep: vorm v. “influenza” (*febris catarrhalis epidemica*); Ndl. (sedert 18e eeu) *griep*, Hd. en Fr. *grippe*, “gril, luim”, uit Rus. *chrip*, “heesheid” (verb. m. *chripet*, “hees wees”), maar Rus. herk. word betwyfel en gemeen dat Fr. *grippe* verb. hou met die Germ. ww. *gripan* (Afr. *gryp*) en dat die wd. in Ndl. en Hd.

'n herontln. van 'n Germ. wd. uit Fr. is — andersyds dien rekening gehou te word m. die feite dat die siekte in Duitsland “Russiese katar” genoem word en in S.A. (sedert 1918) “Spaanse griep” en (sedert die Asiatiese epidemie v. 1957) “Koeligriep”, m.a.w. die ben. word deur omstandighede beïnv. l.

griesel: — *kriesel* — , dikw. in dim., “klein hoeveelheid”; ook in Ndl. gew. dim. en ww. *grie-/kriezeltje*, met dubbele dim. uitg. *-el* en *-tje* (Afr. *-tjie*) uit *gries*, met byvorm *gruis*, misk. ook invl. v. *kiesel*.

grimlag v. glimlag.

grineel v. garnaal.

grip: gew. dim. *grippie*, “voortjie” (WAT vermeld nie *greppel* nie, wat nog voorkom); Ndl. *grep(pe)/grip(pe)/grup(pe)*, vorme op *-pe* almal ook op *-pel* (Mnl. *grebbe/grippe*, so by Kil met *gruppe* en *grubbe* daarby), lg. in bet. “slootjie” wsk. die oudste van dié vorme en verw. aan Eng. *grip*, “ditch”, verderop verb. m. *graaf/grawe*, “uithol”; v. ook Kloe HGA 303.

groendruive: ook bek. as *wyndruive* (WAT), as ben. v. 'n bep. soort blb. al end 17e — begin 18e eeu aan die Kaap bek. (Scho TWK/NR 7, 1, bl. 38); v. ook *steendruive*.

groenviooltjie: pln. (*Lachenalia orchoides*, fam. *Liliaceae*), Mar 86, 138.

grok v. ghrok.

+ **gronapel:** soort systof; Scho (TWK 14, 1, bl. 14) gee aanh. v. gebr. in 1872 en afl. uit Fr. *gros-de-Naples* (vgl. dgl. ontw. by **ghrok**).

grondboontjie: vrug- en pln. (*Arachis hypogaea*, fam. *Leguminosae*), o.a. ook bek. as *apeneutjie* en *katjangboontjie* (q.v.), in Ndl. tans gew. as *pinda*, blb. reeds d. voorouers v. d. Xhosa in die 17e eeu gekweek (WAT) en ben. by Trig as *gront boontjes*; v. ook **tokomanie**.

groos: vir baie Afr. sprekers is *groos*, “trots”, en *groots*, “indrukwekkend”, doeb., terwyl *groos* vir sommige net “trots”, maar *groots* sowel “indrukwekkend” as “trots” bet., so ong. ook by WAT; in ouer Ndl. nog “groot (“trots”) op iets, hoewel reeds Mnl. *grootse(h)* in bet. “trots” ken en dit blb. eers sedert Kil in bet. “luisterryk” gebr. is; sedertdien egter min of meer soos in Afr. *groots*, “indrukwekkend; luisterryk” en *groots/groos* (“in de gemeenzame spreektaal”) in bet. “trots”.

grootbaas: (veral in taal v. nie-blankes) “die *Opperwese*”; (vroëer) “die Goewerneur”, (tans soms) “leier, werkgewer”, (maar gew.) “ml. gesinshoof”, ook bek. as *oubaas* teenoor *kleinbaas*, “seun v. d. grootbaas/oubaas” (vgl. WAT).

grootmoeder: die verwn. *grootmoeder*, *grootvader*, *grootouers* is òf vroeg in die suidelike òf later in die noordelike gebiede van Mnl. gevorm na anal. v. Fr. (ondersk.) *grand-mère*, *grand-père* en *grands-parents* wat, soos in die geval v. *tante* (q.v.), later die Ogerm. ml. *ano* en vr. *ana* heeltemal verdring het (vgl. nog Hd. *ahn* en *ahne*).

grynslag v. **glimlag**.

grysappelboom v. **mobilapruim**.

grysbok v. **aidon**.

guaap v. **ghaap** I.

guano: — *ghwana/ghwano/koeana/kocano/koewana* — , “uitwerp=sels v. veral seevoëls”; wsk. via Eng. (mntl. via Ndl.) *guano* uit Sp. *guano/huano* uit Peru. *huanu*, “mis”.

guerrilla: “lid v. ongereelde oorlogsbende”; in Afr. gew. in ss. *guerrillaoorlog*; via Ndl. of Eng. (albei sedert begin 19e eeu) *guerrilla*, (eint. dgl.) “oorlog(voering)”, uit Sp. *guerrilla*, dim. v. *guerra*, “oorlog”.

guirlande: “blomme- of papierkrans, festoen” (by WAT s.v. **gier=lande**); Ndl. *guirlande* uit Fr. *guirlande* (Mnl. *garlande* uit Ofr. *garlande* wu. Eng. *garland*), in 16e eeu (o.a. by Kil) *gar-/ghier-/guirlande*, ook It. *ghirlanda*, misk. v. Germ. herk., maar onseker, mntl. verb. m. **galon** (q.v.).

gulde I: b.nw., in Afr. veral nog in enkele geykte uitdr. in bet. “goeie, vermaarde; goudkleurige”; Ndl. *gulden* (Mnl. *guldijn*, *gulden*, umlv. v. ouer *gold*, sonder mouilg. soos in *goud*, hoewel reeds Mnl. ook *goudijn/gouden* na anal. v. *goud*), Hd. en Eng. *golden*, vgl. ook Eng. *gild* en *gilt*, (eint.) “verguld”.

gulde II: s.nw., eint. gesubst. gebr. v. **gulde** I; Ndl. *gulden* (Mnl. *gulden/guldijn/gouden*), Hd. *gulden*, Eng. *guilder*, hou verb. m. Mnl. *gulden florijn* as vert. v. It. *florino d'oro*, “florijn v. goud”, v. **florijn**.

gunter: — *ginder/ginter* — , enigszins ouderwets, ook in byv. vorm *gunterse*, in bet. “daar” t.o.v. plek of tyd (WAT); Ndl. *gunter* (plat byvorm v. *ginder/ginter*), hou verb. m. Ndl. *gene* (bv. in

Ndl./Afr. *diegene*) en Ndl./Afr. *ginds*, asook m. Eng. (*be*)*yond* en *yon(der)* en Hd. *jener* en *jen(seits)*, wsk. verb. m. Lat. *enim* en Gr. *enê* en *enos*, “oormôre”; v. ook Kloe HGA 194 vlg.

gus: anders as by WAT en WNT word die wd. nog deur baie Afr. boere alleen op bok- en skaapooie toeg. (nie op hamels, kapaters of ander diere nie — ’n sodanige koei, merrie en selfs vrou word deur hulle ’n **kween** (q.v.) genoem) en ook alleen in bet. “onvrugbaar” (teenoor *droë ooie* wat ’n lamtyd oorgeslaan het of te oud geword het om weer dragtig te word — soos *gust* by vRieb: “de koeyen, die dan gust ende vet off wel in ’t vleys geworden sijnde”); Ndl. *gust/guist* (ouer *guste/gost*), Pd. *gust/güste*, waarvan herk. hoërop onbek. en verb. m. Ndl. *geest* en m. Eng. *geld(ing)* twyfelagtig is — nie deur Kloe HGA behandel nie.

guttapertsja: “rubberagtige stof”; regstreeks of via Ndl. uit Eng. *guttapercha* uit Mal. *getah*, “gom, sap” v. d. *pert(s)jah* (*spp. Payena*, fam. *Spotaceae*).

guur: “koud, onaangenaam” — **onguur**; Ndl. *guur* (Mnl. *gehier(e)*), sedert Kil uit *onguur* in dies. bet., misk. onder invl. v. *stuur(s)* = *onstuur(s)*), vgl. Hd. *geheuer* = *ungeheuer*; verb. m. *huis* onseker.

+gy: pers. vnw. 2e pers. ekv. en mv., vroeër (in die sg. “Hooghol-landse” tyd) nog dikw. (veral in gebede- en kerктаal, maar ook daarbuite, vgl. Trig by 1Ro DLT 238) gebr., tans nog sporadies (veral by ouer gesl.); Ndl. *gij*, vroeër net mv., later ook ekv. (Mnl. *ghi*, veral in Frk. dial., hoewel al vroeg ook in Holl. binnegedring), teenoor Holl. *ji*, wel voor die 17e eeu in sprt. gebr., maar uit skrt. geweer, terwyl *gij* sedert 2e helfte v. d. 17e eeu in omgangst. geleidelik deur *u* verdring word en teen die end v. d. 18e eeu, ook in S.A., feitlik as “relik” oorbly (v. Kloe VO 1 vlg. en 52 vlg. en Scho TO 64, 77), vgl. Hd. *ihr* en Eng. *ye*.

gyselaar: “aangehoudene ooreenkomstig voorwaardes v. loslating”; Ndl. *gijzelaar* (Lmnl. *ghiselare* naas *ghisel*, by Kil *ghijseler*), Hd. *geisel* (ouer *geis(e)ler*), verw. met of ontl. aan Kel. (Oie.) *giall*, “pand”.

H

haai I: versk. soorte visse (o.a. fam. *Alopiidae*, *Carchariidae*, *Galeidae*, *Lamnidae*, *Pliotremidae*, *Rhineodontidae*, *Scylliorhinidae*, *Sphyrnidae*, *Squalidae*); Ndl. *haai* (Lmnl. *haey*) wu. Hd. *hai*, hou verb. m. On. *hār*, verw. hoërop onseker.

haai II: uitr. om aandag te trek of verbasing te kenne te gee; oor assos. m. **haai I** v. Malh DF AS (188) en WAT (s.v. **haai**¹); Ndl. *hei/hai/hay*; Eng. *hey*, Na. *hei*, Mal. *hai*; oor wisg. *ei* en *a(a)i* v. ook **haaivlakte**.

haaihoei v. **hohaai**.

haaits v. **aits**.

haaivlakte: “kaal vlakte”; Ndl. *hei(de)vlakte*, en naas *hei* ook *ha(a)i*; wat Afr. betref, kon uitspr. v. Hd. *heide* meegewerk het.

haak: omgebuigde stuk metaal, ens.; Ndl. *haak* (Mnl. *haec/hake*), Hd. *haken*, hou verb. m. Ndl./Afr. *hoek* en *winkelhaak*, asook m. Eng. *hook*.

haakdoring v. **hakiesdoring**, **weerhaakdoring**.

haaks: — *haks* — , 1. “reghoekig” — “vriendelik”; 2. “in teenoorgestelde rigting (dwars)” — “onvriendelik”; v. ook **aks II**.

+ **haantjiesbier:** ’n vroeër bek. soort bier uit d. brouery v. De Haan en Sleutels, met ’n haan op d. etiket (RPR II 334 en III 19–20).

haar I: uitgroeiisel uit vel v. mens en dier; Ndl. *haar* (Mnl. *haer*), Hd. *haar*, Eng. *hair*, hoërop wsk. verb. m. Lit. *sjerÿs*, “varkhaar”, en m. Oind. *sala-*, nog bewaar in ss. *kapucchala*, “agterkophaar”; oor bet. “haarkleur, voorkoms” in verbg.: *aan die haar mis* (o.a. by Trig) v. Scho (TWK/NR 7, 1, p. 38) en 1Ro T (DLT 238 s.v. **haar** 3) en oor **haar I** as ww. v. WAT s.v. **haar**¹ II.

haar II: in Afr. gew. “regs” en in Ndl. gew. “links”; Ndl. *haar* (Mnl. *haer/hare*) hou wsk. verb. m. *her* (in *herwaarts*) en met *hier*, maar verkl. laat ’n mate v. onsekerheid; v. ook **hot**.

haar III: pers. vnw. vr. ekv. akk.; bes. vnw. vr. ekv. (subst. *hare*), ook (bv. nog by Trig) gemeensl. pers. vnw. mv. na ww. of voors.; Ndl. *haar* (ouer *heur*, Mnl. o.a. *haer, hare, hore*), Hd. *ihr*, Eng. *her* — ss. soos *haarle, haarlie, haarlui, haarhuy* (Ndl. *haarlieden/haarlui*) nog as “relikte” in ouer Afr., v. Scho (TO 92, 96–101, 103–106, 114–115), WAT (s.v. **haar**⁴ en **haarlie**) en 1Ro T (DLT 238 s.v. **haar** 1 en **haar** 2), asook Kloe HGA 129, 350).

haar om: (by WAT aaneen) *haarom*; by sommige sprekers, veral by ploeyry, “na regs”, by ander “na links”, dit geld ook t.o.v. *links om* en *regs om*, vandaar in tegn. taal: *met die klok* en *teen die klok*, vgl. ook **haarsek**.

haarsek: uitr. v. trekdier om na links/regs te loop (v. **haar om**), saamgetrek uit *haar sê ek*, vgl. **voertsek**.

haarwurger v. bosdruiif.

haas I: soort knaagdiertjie (fam. *Leporidae*); Ndl. *haas* (Mnl. *hase*), Hd. *hase*, Eng. *hare*, hou blb. verb. m. Ohd. *hasan*, Oeng. *haso* en *hasofag* en m. Lat. *canus*, almal in bet. “grou, grys”.

haas II: snelheid v. handeling; Ndl. *haast* (Mnl. *ha(e)st(e)*, as b.nw. *haest*, tans in Ndl. en Afr. *haastig*) wu. Ndl. ww. (*zich*) *haasten* en Afr. (*jou*) *haas*; Hd. *hast* en *hasten*, Eng. *haste* en *hasten*, almal wsk. via Ofr. *haste* (Fr. *hâte*) blb. v. Germ. herk. in bet. “heftigheid” en ook verw. aan *heftig*.

haasbek: gew. gesê v. kinders by wie voortande by tandwisseling en v. volwassenes by wie voortande deur tandtrekkery ontbreek, nie soos by Mans (KHI) e.a. met *haaslip* (“gesplete lip”) te verwar nie — vandaar dat Frank (TE 18) blb. verkl. soek in byg. aan of kontamv. v. *hazenlip* en Ndl. (ook WVI.) *haai(e)bek*, by Debo *hagebek*.

haasoor: pln. (*spp. Stapelia*, fam. *Asclepiadaceae*), ook bek. as *aasblom*, *bokhorinkie*, *duikershoring*, *horinkies*, *hotnotstoontjies*, *kabietjie*, *uilkos*.

+ **haberdoedas:** (dial. v.) “oorveeg”; Ndl. *haberdoedas* (in Ndl. dial. o.a. *oabeldoedas*, *abeldoedas*, *habbedoedas*, *abbedudas*, vgl. Bosh VT 241–2), uit Pd. *habbedudas*, Hd. *hab' du das* (by aanslaan in kinderspel).

hadida: soort *ibis* (q.v.), ook bek. as *groenibis* (*Hagedashia hagedash*, fam. *Plataleida*), WAT gee ww. met *g/k/l/n/r* i.p.v. eerste *d*, met en sonder slot-*s* en Scho (PD 54–5) ook sonder anl. *h* en dokg. by skrywers uit tweede helfte v. d. 18e eeu en eerste helfte 19e, naam wsk. kn. na dié voël(s) se alarmroep.

hadjie: Mohammedaan wat pelgrimstog na Mekka afgelê het (WAT); nie in Ndl. etim. wdb. nie, hoewel by Vet (OW 19); Eng. en Ang.-Ind. *hadgee/hadji/hajji*, Fr. *hadji*, Hd. *hadschi* uit Arab. *haggi/haji*, “pelgrim”; wsk. deur Kaapse Maleiers (veral Mekka-gangers) ingevoer.

hael: verysde reëndruppel; Ndl. *hagel* (Mnl. *haghel*), Hd. *hagel*, Eng. *hail*, hou verb. m. Gr. *καχλῆξ*, “steentjie”.

hagedas v. hadida.

haggis: vroeër Eng., tans meer bep. Skotse “vleisgereg” (van hart, lewer en longe van ’n skaap); Ske (ED) en Web aanvaar verb. m. ww. *hag*, “kap/sny” en Ang.-Fr. agterv. *-eis/-iz*, maar NED meen dat getuienis daarvoor ontbreek.

haikôna: — *aikôna* — , 'n wd. waarmee iets ontken word; Ngu. *hayi*, “nee”, en *khona*, “teenwoordig”, wat saam as *hayikhona* 'n st. ontk. uitdruk: “glad (hoegenaamd) nie” (lett. “nie hier/nou nie”).

haits v. aits.

haiwie: (dial. v.) “lawaai”; hou wsk. verb. m. Ndl. *heibei/ha(a)i=ba(a)i*, “drukte”.

hakedas v. hadida.

hakieja(i): (dial. v.) soort bokkem (o.a. ook as gedroogde vis), so by WAT; eerste lid hou wsk. verb. m. dié v. sinon. *hakies(draad=bokkem)*, maar tweede lid duister.

hakiesdoring: — *haakdoring* — , pln. (*Acacia detinens*, fam. *Leguminosae*), ben. n.a.v. haakvormige doring; v. ook **swartdoring**.

haks v. haaks en aks ll.

hakskeen: agterste gedeelte v. d. hak waaraan 'n deel v. d. hakskeensening vas is; eerste lid Ndl. *hak*, “hiel” (soos reeds by Kil, vdSch e.a. en veral in oostelike Ndl. dial.), die tweede lid hou wel verb. m. Ndl. *scheen* en *scheenbeen*, maar dit is die voorkant v. d. onderbeen, terwyl dit in Afr. die agterkant is; sou byg. aan *hak*, “verhoging onder agtersool v. skoen”, die toep. v. Ndl. *scheen* ook daarheen laat verskuif het? of het die agterste Achilleshiel en die Achillespees, bek. as die *hakzenuw/hakzeen* (by vRieb *hackzenuw*) hierby 'n rol gespeel? Indien lg. die geval is, sou *hakskeensening* as 'n versluerde tout. beskou kan word.

halfaam: — *alfaam* (vgl. *harpuis/arpuis*) — , “inhoudsmaat”; Ndl. *halfaam* (by vRieb $\frac{1}{2}$ *aem*) waarvan *aam* (Mnl. *ame*), Eng. *aam/aum*, Hd. *ohm* verb. hou m. Ll. *ama*, “wynmaat”, uit Lat. *ama* (beter: *hama*), “vuuremmer”, uit Gr. *amê* (eint. (*h*)*amê*), “water=emmer”; v. ook **aam**.

halfkoord v. albakoor.

halfnaatjie: “baster, halfbloed”; verb. v. tweede lid m. Ndl. *natie* of m. 'n fig. bet. v. *zijn naadje naaien* onwsk.; 'n hibr. ss. met 'n Hott. wd. (soos Na. *!nai*, “gebore word”, of *!gam-!nai*, “weder=gebore”, vgl. Ndl. *halfbakken* in bet. “halfgebore”) lewer met die oog op die beskikbaarheid v. Ndl. sinon. (soos *halfbakken*, *half=bloed*) of ander v. “vreemde” herk. (soos *mesties* e.a.) vir allerlei grade v. basterdering ook besware op; dan misk. nog eerder te dink aan bet. “halfwys” (vgl. Se. 'n *'aolef natje* by Ghijs 317 met bet. 1) en 2) v. Ndl. *halfslag* (II) in WNT V 1632, en uitspr. *gaatjie* naas *gatjie*); dus ook *naatjie* naas *natjie*?

halfpad: “halfweg, halwerweë”, by Trig (1Ro T DLT 238); in Ndl. *halfweg* en *halverwegen*; *pad* het in Ndl. beperkter toep. as in Afr.

halfte: minder gebr. ww. v. *helfte*; Ndl. dial. *halft(e)*, misk. verst. d. umlautlose vorm v. Hd. *hãlfte*, vgl. OFri. *halfe* (tDK).

halida(s) v. **hadida**.

halleluja: uitr. en “lofkreet”; Ndl., Hd. en Eng. *halleluja(h)*, misk. via Fr. *alleluia* uit kerктаal (Lat. *alleluia*, Gr. *allêlouia*) uit Hebr. *hallelu-Jah*, (lett.) “prys (die) Here/God”.

halma: spel m. skyfies wat op ’n bord met vierkantjies moet spring (bet. 2. by WAT); nie in WNT nie, wel in vDal, maar in Afr. wsk. via Eng. *halma*, misk. deur makers bewus oorgeneem v. Gr. (*h*)*alma*, “sprong” (verb. m. ww. (*h*)*allomai* uit ouer *saliomai*, “spring”, Lat. *salire*, “spring”, en *saltus* “sprong”, vgl. Eng. (*somer*)*sault*).

halo: “ligkrans” (WAT s.v. **halo**¹); nie in WNT en Ndl. etim. wdb. nie, wel in vDal; Eng. en Fr. *halo* via Lat. uit Gr. (*h*)*alōs*, “skyf/(k)ring om maan of son”, vroeër “looppad v. osse om dorsvloer”.

halte: “stilhouplek”; Ndl. *halt/halte* (blb. sedert 17e eeu), soos Eng. *halt* uit Fr. *halte* uit Hd. *halt* (vgl. ook *anhalt*) wat verb. hou m. die uitr. *halt!* (ook v. Hd. herk. en = Ndl. *hou*, d.w.s. “stil hou”).

halter: (in verbg.) *sleg halter*, (dial. v.) “minderwaardige pers.” (WAT); opvallend is onverboë vorm v. *sleg*; word *halter* hier in ongunstige bet. op pers. toeg. soos *tuig* in Ndl.? In Ndl. is *halfster/halster/halter* “in de volkstaal meestal onz.” (WNT V 1703) en *tuig* is eweneens ons., sodat *een slecht halter/tuig* in Ndl., wat vorm en bet. betref, normaal sou wees; v. ook **sleg=halter**.

hamba: “loop”; Ngu. *hamba*, gew. ’n afskeidsgroet, maar in Afr. pej. “maak dat jy wegkom, trap”; in verbg. *hamba ghasjle* egter ook in Afr. “aangename reis, mooi loop, vaarwel” (Ngu. *hamba kahle*), v. ook WAT (s.v. **ghasjle**).

hamerslag v. **slakke**.

handdadig v. **aandadig**.

+**handkous:** handskoen, moffie; in Leibbrandt se lys (1882) v. Ind. wd. i. Afr. by Hes HA² 70 verskyn *kaus* in bet. “schoen” as v. A(rab.) herk. en nou word op grond hiervan en v. vEys-Gras

se Mal. wd. v. “skoen”, nl. *sepatoe*; *kawtz*, gemeen dat *hand=kous* mntl. ’n hibr. ss. is v. Ndl./Afr. *hand* en Mal. *kawtz*, in So. bewaar as *hanekausi* (Mab–Die), maar nòg in Arab. nòg in Mal. kon so ’n wd. opgespoor word, terwyl Klin en vRon saamstem dat d. Mal. wd. v. “skoen” *sepatoe*; *kasoet* is; dus mntl. ’n drukfout by vEys–Gras en gew. ss. v. Ndl./Afr. *hand* en Ndl. *schoen*, Afr. *skoen*, in So. (misk. m. byg. aan *kous*) as *hanekausi* uitgespr. en bewaar? Anders moet ’n ander verkl. v. Leibbrandt se *kaus* gesoek word.

+**handspaak**: (vroeër) “hefboom”; (later) “slaanding”; wsk. via Ndl. seemt. *handspaak*, o.a. te vind by Adam Tas (Scho TWK/NR 7, 1, p. 38).

hanekam: pln. (*Amarantus paniculatus*, fam. *Amarantaceae*), vlgs. Mar 38, 104, 140 ook bek. as *kalkoenslurp* en ook *Babiana ringens*, fam. *Iridaceae*; ook Ndl. *hanekam*, maar by Heuk (10, 83, 95, 247) blb. almal ander plante; ben. n.a.v. voorkoms.

hanekammetjie: pln. (*Dipidax ciliata*, fam. *Liliaceae*), ook bek. as *vleiblom*(*metjie*), so ook by Mar 38, 138; ook Ndl., maar by Heuk (10, 166) s.v. *hanecammekens* en *hanekammetjes* blb. ander plante; ben. n.a.v. voorkoms.

hanepoot: “druifs.” (WAT); hoewel die ben. *hanepoot* in Ndl. op versk. plante toeg. word en dit net soos *hanekloot* o.a. vir *spp. Ranunculus* gebr. word (vgl. ook Fri. *katerskloaten* vir bep. eivormige pruime by Dijk), is *hanekloot* (vir druifs. met peer-vormige korrels) in die 18e eeu in S.A. vlgs. Men eufem. tot *hanepoot* vervorm (vgl. Bosh VT 243).

hang: “helling v. berg of heuwel” (WAT); die enigste vb. wat WNT (V 2054) van so ’n gebr. gee, is t.o.v. S.A.; in Ndl. (o.a. by vRieb, in GMR I en II en elders) gew. *het hangen*; dat Hd. *hang*, *abhang* hierop invl. gehad het, kan nie uitgesluit word nie, hoewel Kloe (HGA 303, 316, 329) dit nie wil toegee nie.

hangar: “vliegtuigloods” (WAT); Ndl. *hangar* (v Wel Kra en vDal), soos Eng. *hangar* uit Fr. *hangar*, v. onbek. herk.

hangberg: — *hangberger* — , viss. (*Pachymetopon blochii*, fam. *Sparidae*), na plekn. Hangberg, WAT (417) noem dit ook *hot=tentot/hotnot*, maar dit is nie duidelik of Scho (PD 35) met *hot=tentotsvis* dies. viss. bedoel nie, en Barn (156–7) vermeld drie *spp. Pachymetopon*, terwyl WAT die *P. grande* (nie by Barn nie) *basterhottentot* en *hottentot(s)vis* (vgl. Scho) noem; Gil en Bul 2 stel albei *hangberger* = *hottentot* (fam. *Sparidae*), maar e.g. noem dit *Cantharus blochii* en lg. *Spondylisoma blochii*.

hangmat: “hangende bed op skepe” (WAT); Ndl. volkset. *hangmat* (by vRieb *hanghmat*, vroeër *hangmak*), wsk. deur seemt. via Sp. *hamaca* (uit Kar.), in Fr. *hamac* en in Eng. *hammock*.

(h)anghoes v. aghoes I en II.

hannidas v. **hadida**.

hanou: — *honou* — , verdere wv. by WAT, “uitr. om diere tot stilstand te bring”; verbg. v. *nou* met Ndl. *ha!* en *ho!*

hans: in ss. soos *hanskalf/-lam/-vul*, en *hans grootmaak*, “sonder moer (grootmaak)” soos by WAT; WNT sien hierin die eien. Hans (uit Hannes uit Johannes), so ook Malh DF (AS 198), maar beslis uit *hands*, d.w.s. “uit die hand grootmaak” (vgl. *tans* uit *thans* uit *tehands* en Pd. *handlam(m)*). Na die vb. hiervan ander ss. soos *hanskaffer*, *hanskakie*, ens., so reeds by Bosh EWA.

+**hansaam:** “bekwaam, geskik, handelbaar”; Ndl. (veroud.) *handzaam* (by Kil *hand-saem*, by vRieb *hansaem/hantsaem*, veral v. bote en weer gesê) hou verb. m. Eng. *handsome*.

hanswors: “harlekyn, nar” (WAT); Ndl. *hansworst*, Pd. *Hans Worst*, Hd. *Hans Wurst/Hanswurst*, die naam van ’n ou Du. toneelfiguur, die eerste in ’n Pd. vert. v. 1519, vgl. ook Fr. *Jean Potage* en Eng. *Jack Pudding*; v. **wors**.

hanteer: “ter hand neem, deur jou hande laat gaan”, ens. (WAT); Ndl. *hante(e)ren* (Mnl. *hantēren/hantieren*), Hd. *hantieren*, wsk. ook Eng. *haunt*; die Germ. vorme laat dink aan verb. m. *hand*, maar ontl. aan Fr. *hanter*, “omgaan met”, van onbek. herk.

+**haperig:** “aarselend, weifelend” (WAT), o.a. by Meurant (Scho TWK 14, 1, p. 14), hou verb. m. Ndl. *haperen*, “aarsel” (sedert end 17e eeu veroud.).

hara-kiri: “Jap. manier v. selfmoord” (WAT); Ndl. *harakiri* (vDal, maar nie in WNT en Ndl. etim. wdb. nie), Eng. en Hd. *harakiri* (in e.g. sedert mid. 19e eeu) uit Jap. *hara*, “maag”, en *kiri*, “sny”.

hardekool: pln. (*spp. Combretum*, veral *C. primigenum*, fam. *Combretaceae*), so ook Mar 38, 120; v. ook **omoemboroembonga**.

hardepeer: pln. (*Olinia cymosa*, fam. *Oliniaceae*), ook bek. as *rooibessie*, so ook Mar 38, 120; v. ook **ninkakara**.

harder: soort see- en ook varswatervis (bv. die *Mugil cephalus*, maar almal behoort tot die fam. *Mugilidae*), ook bek. as *springer*;

Ndl. *harder/herder* (soos in Mnl. en by vRieb); Oeng. *heardhara/heardra* dui op verb. m. *hard* en misk. op *hār*, “grou, grys, donkerkleurig”, maar onseker.

hardloop: “hol, ren”; Ndl. *hardlo(o)pen* (sonder datg. in WNT, blb. laat en alleen in inf.), reeds by Wik 'n sk. (v. Scho TWK/NR 7, 1, p. 39).

harem: Moh. afgesonderde vroueverblyf; Ndl., Hd. en Eng. *harem* uit Tur. *hareme*, “vrouevertrek; die vroue daarin”, uit Arab. *haram*, “verbode (gebied)” (in Eng. sedert eerste helfte 17e eeu, in Ndl. blb. veel later).

haridas v. hadida.

haring: viss. (*spp. Clupea*, fam. *Clupeidae*); Ndl. *haring* (Mnl. *harinc/herinc*, dial. o.a. *hiereng*), Hd. *hering*, Eng. *herring*; uit Germ. in Fr. *hareng* en Ll. (6e eeu) *haringus*; herk. onseker.

harlaboerla: “lawaaï” (WAT m. ww.); wsk. uit Eng. *hurly-burly* (soos by Mans KHI).

harlekyn: “hanswors, nar”; Ndl. *harlekijn/arlekijn* (sedert 17e eeu), Hd. *harlekin*, Eng. *harlequin*, Fr. *arlequin* (ouer *harlequin*), gaan terug op It. *arlecchino*, na die naam v. 'n toneelfiguur (vgl. **hanswors**) wat wsk. self weer berus op 'n ouer Fr. *Hellequin/Herlequin/Herlekin*, 'n middeleeuse duiwelsnaam wat misk. v. Germ. herk. is.

harmansdrup: “outydse geneesmiddel; tydsame pers.” (WAT), ww. met *aa* en *e* in eerste letg. en *-mens/-mes/-mis/-moes-* in tweede naas *haarlemensis/haarlemmerolie/haarlemdruppels*; Ndl. *haarlemmer-olie*, “geneesmiddel te Haarlem vervaardig” — Afr. vorme met *haar-* in eerste en *-mens-* in tweede letg. dui op *haarlemensis* as uitgangspunt van volkset. vorme, en toep. op pers. vanweë stadige vloei van dié olie.

harnoster v. renoster.

harpuis: — *ar-/ra-/repuis* — , “hars” (WAT); Ndl. *har-/herpuis* (Mnl. *har-/herpois*, by vRieb *harpuys/harpeuys*, *harpuysen* (ww.), *geharpuyst*), veral in seemt., uit Ofr. *harpois* wat blb. weer teruggaan op Mnl. *harspek* (vgl. Mhd. *harzbech*), ss. v. *hars* en *pek*. In die 18e eeu vlg. Thun deur boere in S.A. toeg. op 'n kokkus (Scho TWK/NR 7, 1, p. 39).

harridas v. hadida.

harsings: gew. mv., in ss. soms nog *hersen-* (vgl. Kloe HGA 115–6); Ndl. *harsen(s)/hersen(s)*, gewoner *hersen* naas minder gew.

harsenen (Mnl. *he(e)rsene*), Hd. *hirn*, dial. Eng. *harns*, hou verb. m. Lat. *cerebrum*, “harsings”, en met *cervix*, “nek”, Gr. *keras*, “kop”, *korsê*, “slaap v. d. kop” en *kranion*, “skedel” — in Afr. uitg. -ing soos by **doring**, ens.

harslag: “hart, lewer en longe v. geslagte dier” (WAT); dial. Ndl. *hartslag*, maar in Afr. ondersk. v. *hartslag*, “slag v. d. hart”.

harspan: “skedel”, uit *harsingpan* (WAT); dial. Ndl. *harsenpan*, gewoner *hersenpan*, ook dial. Eng. ken *harnpan*, vgl. *harns* by **harsings**.

hart I: liggaamsorgaan; Ndl. *hart* (Mnl. *harte/herte*), Hd. *herz*, Eng. *heart*, hou verb. m. Lat. *cor*, Gr. *kêr* en *kardia* e.a. Idg. verw.

hart II v. hartbees en hert.

harta: aansprv., gew. teenoor vr. pers., uit *hart* (v. **hart I**), met slot -a (v. -a), v. ook Bosh VT (230-1) en Malh DF (AS 232); v. ook **kinta**.

hartbees: — *hartebees* — , wilds. (*Alcelaphus caama* of *Bubalis caama*, fam. *Bovidae*); hierop oorgedra die Ndl. ben. *herte/hartebeest* (by vRieb *hart/hert* en *hartebeest/hertebeest*) vir die Eur. wilds. (*Cervus elaphus*, fam. *Cervidae*), v. ook Bosh VT 281, Scho PD 13-4 en Kloe HGA 116, 310, 316.

hartbeeshuis(ie): — *hartebees-/hard(e)bieshuis(ie)* e.a. in aanh. by WAT — ; verkl. gesoek in “huisies v. hartbeesjagters” (Mans KH1); in “huisies v. harde biesies” (Elf PDG 306, gevolg d. vRijn 118, aant. 18, Coetz AV 109 e.a.); in *hert(hout)enhuysen* of navolging v. Hd. *hirtenhaus/hirtenhütte* (Frank TE 6-8) en ten slotte in hibr. ss. v. Hott. */haro(e)*, “biesie” (vgl. Na. */haru-b*, “biesiemat”, */haru-s*, “korf, mandjie”, */haru-omi*, “biesiemat huis”), sodat die hibr. ss. */haru-bies-huis* ’n tout. ss. is wat volkset. deur *hartbeeshuis* vervang is (Nien OA II 272-4), oor dokg. by ou skrywers Nien en Frank t.a.p. en verder Scho (TWK/NR 7, 1, p. 39) en 1Ro T (DLT 239).

harwar: — *harrewar/gehar(re)war* — , s.nw., “warboel” (WAT); Ndl. *harrewarren* (nog nie by Kil nie) blb. alleen as ww., maar as s.nw. *geharrewar*, ss. v. *warren* m. rymende *harre-* (vgl. Ndl. *hassebassen*), wsk. kn.

hasie-ablou v. katsels.

hasjiesj: “Oosterse bedwelmingmiddel, ’n soort dagga” (*Cannabis sativa*, WAT); Ndl. *haschisch/hasjiesj*, Eng. *hashish/hasheesh*

(sedert end 16e eeu), Hd. *haschisch*, Fr. *haschisch/hachisch* uit Arab. *hashis(h)*, “droë kruie”, hou verb. m. Eng. *assassin*, “sluipmoordenaar” (wat hasjij gebr. het).

hawe I: “beskutte ankerplek”; Ndl. *haven* (Mnl. *haven(e)*), Hd. *hafen*, Eng. *haven*, mntl. verb. m. On. *haf* en Oeng. *haef*, “see”.

hawe II: “eiendom”; Ndl. *have* (Mnl. *have*), Hd. *habe*, gew. verb. aangeneem m. Ndl. *hebben*, Hd. *haben*, Eng. *have*, Afr. *hê/het*.

hawer I: pln. (*Avena sativa*, fam. *Gramineae*); Ndl. *haver* (Mnl. *haver(e)*), Hd. *haber*, verw. hoërop onseker (v. veral dVri J NEW).

hawer II: (in verbg.) “van hawer tot gort/klawer”; Ndl. “*van haver tot gort*” volkset. v.: *van aver te (of tot) aver*, “van geslag (van voorouers) tot geslag”, waar *aver* ’n reeds in die Middeleeue veroud. wd. is wat verb. hou m. Oeng. *eafora*, “afstammeling”.

hawerklap: - *hawerklaps* — , (sinon.) *hawerslag*, “om ’n nietigheid; telkens”, albei wd. by WAT en Scho (TWK 14, 1, p. 14) wat Afr. aanh. gee uit 1850, 1868 en 1873; Ndl. het *haverklap* en dial. Ndl. *hawerslag*, maar sowel WNT as Stoe (NS) is blb. nie oortuig dat die regte verkl. reeds gevind is nie, terwyl FvWvH gegewe verkl. betwyfel en dVri J (NEW) die wd. nie behandel nie.

hê I: ww. wat allerlei vorme v. “besit” te kenne gee (vgl. WAT), eint. vorm v. d. inf. wat aan Ndl. *hebbe(n)* beantw. in teenst. m. persv. *het* (behalwe in verbg. soos: “hy moes/sou dit gedoen *het*”), v. Scho (TO 14); vglb. vorme in Ndl. dial. o.a. Se. *hè* (Ghijis 321).

hê II: in Afr. soms uitr. v. verbasing en soms om vraag te stel; wel soms (maar dikw. duister) verb. m. Ndl. uitrw. s.v. *he* (WNT VI 173–5) en soms vglb. m. Hott. uitrw. (vgl. Na. *hě*, *hē* en *hēi* by Kroen en Mein LNS 100), v. ook WAT s.v. *hê*² en *hê*³.

hede I: — (veroud.) *heden* — , “vandag”; Ndl. *heden* (Mnl. *heden*, dial. *hiden*) hou verb. m. Ndl.–Afr. *huidig* en m. Hd. *heute*.

hede II v. hening.

heel I: “onbeskadig; volkome”; Ndl. *heel* (Mnl. *heel*), Hd. *heil* (ouer bet. “gesond”), Eng. *whole*, mntl. verb. m. Gr. *kalos*, “mooi; gesond”; uit *heel* I ook ww. “gesond maak”, nl. Ndl. *he(e)len*, Afr. *heel* en Eng. *heal*, verder ook verb. m. *heil*, *Heiland*, *heilig*; vgl. WAT s.v. *heel*¹ en *heel*².

heel II: “geheim hou, verswyg, wegsteek” (WAT s.v. *heel*³); Ndl. *helen* (Mnl. *helen*), Hd. *hehlen*, ablv. *verhole* en verb. m. Lat. *celare* en Gr. *kaluptein*, “bedek, verberg”.

heeltemal: — *helema(a)l/heelmal* — , “geheel en al” (WAT); Ndl. *helemaal* (vroecër *heel te male* naas *geheel te maal*), v. ook **almal**.

+**heemraad:** in S.A. vroecër “plaaslike bestuursraad” (WAT); Ndl. *heemraad*, met eerste lid *heem/heim/hiem*, “dorp, woonplek”, Hd. *heim*, Eng. *home*; hou verb. m. *in-* en *uitheems*, asook m. *heimwee*.

heet I: “warm”; Ndl. *heet* (Mnl. *heet*), Hd. *heiss*, Eng. *hot* en *heat*, hoof. Germ. en Balt., hou verb. m. *hitte* en *verhit*.

heet II: — (soms) *hiet* — , “genoem word; beweer word; verklaar” (WAT s.v. **heet**²); Ndl. *he(e)ten* (Mnl. *heten*, “beveel, noem”), Hd. *heissen*, in dies. bet. ook Oeng. *hatan*, On. *heita*, Got. *haitan*, Idg. verw. onseker.

hef I: “handvatsel”; Ndl. *heft/hecht* (Mnl. *heft/hecht*), Hd. *heft*, Eng. *heft* hou verb. m. Lat. *capere*, “gryp” en Gr. *kôpê*, “greep, handvatsel”, ook verb. m. **hef II**.

hef II: “omhoog lig”; Ndl. *heffen* (Mnl. *heffen*), jonger Mnl. *heven* sluit aan by Hd. *heben* en Eng. *heave*, maar twee reekse vorme, soos Eng. *hefty*, ook verb. m. **hef I**.

hegira: “vertrek v. Mohammed uit Mekka na Medina” (15.7.622 n.C.) en begin v. Moh. tydrekening”, WAT s.v. **hedsjra** vlgs. uitspr., maar vir Afr. (afgesien v. Kaapse Maleiers) hoof. ’n boekw. en dan liewer, soos hier, in min of meer intern. spel.; Ndl. *hedsjra/hegira*, Eng. *hegira*, Fr. *hégire*, Sp. *hegira*, Port. *hejira*, It. *egira* v. Arab. *higra*, “afskeid” (ww. *hagara*, “vertrek”).

hei I v. hê II.

hei II v. heide.

-heid: Ndl.-Afr. agterv. (WAT s.v. **-heid**¹), Eng. *-head/-hood*, Hd. *-heit/ -keit*, vroecër ’n selfst. wd., bv. in Oeng. *häd*, “rang, staat”, v. ook **-geid**.

heide: — *hei* — , 1. bep. soort skraal grond; 2. soort blomdraende struik op sulke grond (in Eur. veral *spp. Calluna*, in S.A. veral *spp. Erica*, v. WAT s.v. **heide**); Ndl. *heide/hei* (Mnl. *he(i)de*), Hd. *heide*, Eng. *heath*, ondanks besware (v. dVri J NEW) wsk. tog verb. m. Lat. *(bu)cetum*, “koeiweiveld”.

heiden: — (soms) *heiding* — , gew. “nie-Christen”, maar vgl. WAT; Ndl. *heiden* (Mnl. *heiden/he(i)dijn*), Hd. *heide*, Eng. *heathen*, wsk. v. Got. herk. en verb. m. **heide**, maar meningsverskille oor aard v. verb. en die betrokke bet. (v. dVri J NEW).

heigras v. asgaaisteekgras.

heimwee: verlange na huis of geboortegrond; Ndl. *heimwee* (sedert 1689), eers sedert ± 1800 alg. Ndl., uit Hd. *heimweh*, blb. v. Swit. herk. wat sedert 1569 as mediese term v. nostalgie gebr. en deur Goethe (1774) in ruimer sin aangewend is, later in Fr. vert. as *mal du pays* en in Eng. as *homesickness*; hou verb. m. *heemraad*, *in-* en *uitheems*.

heinde: (in verbg.) *van heinde en ver*; Ndl.–Afr. *heinde*; Ndl. ook nog *hend(e)/hen(ne)* verboë umlv. v. *hand* (Mnl. *he(i)nde*, vgl. *behendig*, naas *ghehende/gheh(e)inde*), Oeng. *gehende*, “naburig, naby, by die hand”, sodat *van heinde en ver* = “van naby en ver”.

heira: “boomgom”, reeds by Wik as *heyra* (Scho TWK/NR 7, 1, p. 39), vgl. ook WAT en veral Nien (HOTT s.v. **gom** II), nie by Kroen nie, wel by Olpp (55) waar blyk dat dit wsk. verb. hou m. Na. *hei-s*, “boom”.

heit: — *hêit/êit/hait(s)* — , uitr. (WAT), sluit enersyds aan by **aits(a)/haits(a)** en andersyds by **hê** II (q.v.).

heitsi-eibib: daar heers verwarring omtrent ’n ben. wat blb. die eerste in Muller se verslag by vRieb (d.d. 13.9.1655) voorkom as *Hette Hie* i.v.m. “een offerhant tot Godt” deurdat die “offerdaad” en die “godheid” met mekaar vereenselwig word en teenstrydige verkl. aan dié ben. gegee word (v. Nien HOTT s.v. **duiwe** V, **god** II en **Groot Vader**) — uit die gegewens blyk dat voorvaderverering, demonisme en boomkultus hier deureenloop — vandaar die rol wat *duiwe*, *god* en *boom* (Na *hei-s* v. **heira**) by die naamgewing speel en die verwarring wat dit in die ritus en taal v. ’n primitiewe volk skep — misk. is volkome eenduidigheid uitgesluit.

hekel I: — *hiekel* — , ww. (frekw. m. uml.?), “veseldraad tot weefsel verwerk”; Ndl. *hekelen* bet. “materiaal tot veseldraad verwerk”, terwyl Ndl. *haken* aan Afr. *hekel* beantw. wat misk. d. Hd. *häkeln* beïnv. is (Hd. *hechelen* beantw. aan Ndl. *hekelen*).

hekel II: “afkeer, teësin”; Ndl. *hekel* (sedert die 18e eeu) uit Fri. *hekel* (OFri. *häkel*), misk. onder invl. v. Hd. *ekel*, “afkeer”, verdring sedertdien ouer *hak* (Mnl. *hac*) in dies. bet.

heknie: tipe perd (nie in WAT nie); uit Eng. *hackney* (Meng. *hakeney/hakenay*) uit Ofr. *haquenée* wu. Ndl. *hakkenei* (Mnl. *hackencye/hackenye*), van onseker herk.

helaas: — (veroud.) *eilaas* — , uitr. v. teleurstelling (WAT); Ndl. (sedert 16e eeu) *helaas* (Mnl. *a-/ai-/aylaes* of slegs *laes/lace/lacy*)

uit Ofr. *aylas* (Fr. *hélas*) wu. ook Eng. *alas* – eerste lid is uitr. *ai/ei* en tweede is Ofr. *las*, “moeg; ongelukkig”, wat verb. hou m. Lat. *lassus*, “moeg, uitgeput”.

helmet: bep. hoedvorm; Ndl. *helmet* (Mnl. *helmet*), soos Eng. *helmet*, uit Ofr. dim. v. *helme* (Fr. *heaume*) wat self v. Germ. herk. is en verw. aan *halm* (vgl. Gr. *kalamos*, “strooi”); klem op eerste letg. in Afr. dui op ontln. aan of minstens invl. v. Eng.

helmis(kruie): — *helmoes-/helmont-/helmon(t)s kruie* - , mediese kruiemengsel, na die naam v. die bereier (kruiedokter) bek. as *Helmont se Kruie* (WAT s.v. *helmontskruie*), geen verb. m. Ndl. pln. *hermoes* nie.

heloot: (oorspr.) Spart. lyfeiene; (later) onderhorige (WAT); Ndl. *heloot*, wsk. via Lat. uit Gr. (*h*)*eilōs*, mv. (*h*)*eilōtēs*, “inwoner(s) v. Helos”, ’n Spart. stad.

helske: ouderw. (en enigszins plat) uitspr. in Afr. v. Ndl. *hels(ch)e*, vgl. vWiel (163) en v. *aapskeloeder*.

hemp: bep. kledingstuk vir bolyf; Ndl. *hemd*, maar ook Ndl. dial. ken *hemp* en dim. *hempie* kom nog ruimer voor (WNT VI 539), en oorg. *md/mb* tot *mp* verder ook in Ndl.-Afr. *verdomd/verdomp*; by vRieb *hembt* en *hempt*.

hendikep: “voorgee; agterstand” (WAT); Eng. *handicap* (uit *hand in cap* by lootjietrekkery), Ndl. nou ook as “jonge ontln.” *han= dicap(pen)*.

hening: — *hede/hene/hete* naas *jene/jede/jete* — , uitr. as sg. bastvl. om *Here* eufem. te vervang — Ndl. *heden* ook so gebr. (WNT VI 254).

hennep: pln., gew. *dagga* genoem (*Cannabis sativa*, fam. *Moraceae*); Ndl. *hennep/hemp* (Mnl. *han(n)ep*, dial. ook *kennep/kemp*), Hd. *hanf*, Eng. *hemp*, gaan terug op Lat. *cannabis* en Gr. *kannabis*, maar herk. hoërop onbek.

henri-martini v. **martini-henri**.

hensop: ww., “gevangene; minderheid erken” (WAT); Eng. *hands-up* (veral sedert Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) bek., vgl. Malh DF AS 203).

her I: “hierheen; vanaf” (WAT s.v. *her*¹), ww. v. *hier*, nog in: *her en der* (v. *der* II) en *herwaarts*; Ndl. *her* (Mnl. *her(e)/heer/haer/hare*), Hd. *her*; v. *haar* II.

her II: subst. v. voorv. *her-* in studt. in bet. “hereksamen” (WAT s.v. *her*³).

+**hercas:** rob; in sy uitg. laat Brill dit sonder kommentaar waar vRieb (I 108) die bet. aandui (v. *rob*), maar I 179 merk hy op: “Dit schijnt een andere naam voor peguijns te zijn”; vlgs. Nien (HOTT s.v. *rob* I) is dit Hott., ondersk. in 1626 en 1652 gedok. as *harkash* en *hercas*, en hou dit verb. m. Na. *!kao-s* in ouer lett. bet. “blaffende seekoei” = “seehond”; die seldsame en vroeë dokg. v. d. wd. en sy later verdwyning in ’n vglb. vorm in Hott. ontlok die vraag of dit nie misk. aan vroeë Eng. en/of Port. seevaarders ontl. is nie, vgl. Eng. *orc/ork* (vlgs. NED: “Formerly applied to more than one vaguely identified seamonster. 1611”), en Port. *orca* (vlgs. Mich “nordkaper, butzkopf, sturmfisch, meerdrache”).

herd: — *erd* —, “vuurherd, es” (WAT); Ndl. *haard/heerd*, lg. veral in dial. (Mnl. *hert/heert/haert*), Hd. *herd*, Eng. *hearth*, hoof. WGerm., maar verw. verderop, bv. Oslaw. *kurti*, “stook”.

herkou: “weer kou” (veral v. diere gesê); “herhaal; oordink” (veral v. mense gesê), in Afr. m. klem op eerste letg. — vandaar verl. dw. *geherkou* (vgl. Kem WFA 379); Ndl. *herkauwen*, m. klem soos by ander ww. met *her-*, — vandaar verl. dw. *herkauwd* (vgl. kaart by Kloe HGA 161).

hermiskruie v. helmis(kruie).

hermytk: — *hermytyt* —, “wyns.” v. d. hermitagedruif, Afr. uitspr. v. Eng. *hermitage* (WAT), in Eng. so genoem na ’n Fr. wyns. (*Vin de l’Hermitage*) uit die omgewing v. Valence waar ’n vervalle kluisenaarshut (*hermitage*) ’n prominente plek beklee het.

hermoes: WAT verwys na *akkerperdestert* wat (soos *hermoes*) ’n pln. is (*Equisetum arvense*, fam. *Equisetaceae*) en ooreenstem met Ndl. *hermoes*, maar gee *hermoeskruie* (s.v. **hermiskruie**) op as een v. d. ww. v. *helmis-/helmoes-/helmontskruie* (v. **helmiskruie**).

+**herneutermes:** — *hernu(i)termes* —, ook bek. as *boslemmermes* en *Genadendalmes*, “outydse jagmes” na die naam v. d. Herrnhutters, die sendelinge (ook bek. as Morawiese Broeders) van Genadendal wat sulke messe gemaak of laat maak en in die handel gebring het (vgl. WAT).

herrie I: “lawaai” (WAT s.v. *herrie*⁴); Ndl. *herrie* (ook *hurrie*), in verb. gebring m. Ndl. *horren*, “gons, snor”, maar (veral t.a.v. ww. *hurrie*) ook rekening te hou m. Eng. *hurry* (sedert 1600 en wsk. kn.).

herrie II: (in) *op sy herrie gee/kry*, “pak slae”; *die herrie in wees*, “kwaad wees”; ’n *herrie wees*, “kranige pers.” (so ong. WAT s.v. **herrie**², wat blb. dink aan verb. m. *hel* en *duiwel*); wsk. geen verb. m. *hel* nie, maar wel met eien. Herry (v. Aanm. 4 by **herrie** in WNT VI 636) ’n bek. bynaam (ook in Eng. *Old Harry*) vir die duiwel — vandaar: *die duiwel/herrie/josie/swerkater in wees*, terwyl ’n kranige pers. ook ’n *doring/duiwel* in sy vak genoem word, en in dies. bet. as *op sy herrie gee/kry* (maar m. teenstellende beeld) *op sy tabernakel gee/kry*.

herriedeksie: sluit in bet. (en wat eerste lid betref) aan by **herrie** II, terwyl tweede lid misk. verb. hou m. Ndl.-Afr. *deksel*, “kleding”, vgl. Ndl. *op zijn baadje krijgen* en Afr. *op sy baadjie kry*, of moet ons in die tweede lid weer eens ’n Eng. eien. (soos *Old Harry*) vir die duiwel sien, nl. *Dickens* (uit ouer *devilkin*)?

hert: in Bybel- en kerkt. v. die Eur. Hert- of Takbokagtiges (fam. *Cervidae*), vgl. WAT en verder **hartbees**.

herwaarts: v. **her** I, by vRieb (d.d. 21.6.1654) *harwaerts*, tyd- of rigtingaanduidend?

+**heslik**: “afskuwelik, haatlik, lelik”, reeds by Wik as *hesliijk* (Frank TB 152 en Scho TWK/NR 7, 1, p. 39); die wd. kon uit Ndl. *hes(se)lijk*, Hd. *häslich* of Swe. *heslik* in Wik se taal gekom het, want dié wd. het in sy tyd voorgekom in tale waarvan hy mindere of meerdere kennis moes gehad het; by WAT blb. nog ’n dial. relik.

het I: persv. v. ww. *hê* (v. **hê** I); i.s. Ndl. en Afr. vorme v. Frank (TB 94), Scho (TO, o.a. 14, 25–6) en 1Ro T (DLT, (ww.) *het*, bl. 239), asook WAT (s.v. **het**¹) — Ndl. o.a. *hevet/heit/heet/het*.

het II: pers. vnw. 3e pers. ekv., in Afr. feit. verdring d. *dit*, maar reste oor soos: *het*, ’t en in verbg. soos: *hetsy* en *tensy* (WAT s.v. **het**², I en 1Ro T DLT 239 s.v. *het/’t* 2).

het III: bep. lw., grotendeels reeds d. *die* verdring, maar reste soos: *het*, ’t (WAT s.v. **het**², II en 1Ro T DLT 239 s.v. *het/’t* 1).

hete v. **hening**.

hetere: Gr. “courtsiane” (WAT); Ndl. *hetaere*, Eng. *hetaere/hetaira*, wsk. via Fr. *hetaire* uit Gr. (*h*)*etaira*, vr. v. (*h*)*etairos*, “maat, metgesel”, wat misk. verb. hou m. Lat. *satelles*, “begeleier”, en, indien wel, dan ook m. **satelliet** (q.v.).

hetse: — *hetsê/heitse/hitse* — , uitr., veral by begroeting gebr. in die Kl.-Afr. v. Griekwas, kyk i.v.m. Rad se verkl. by WAT en

in hierdie werk s.v. **etse/etsê**; Eng J (ook by WAT) lei egter af uit Hott./Kor. *he*, "hier" en *ts(e)/tsê/tsee*, "jy" (Nien HOTT s.v. **hier** en **hierjy**).

hettetè v. **hittete**.

heug I: onpers. of refl. ww., "herinner"; Ndl. *heugen* (Mnl. *hōghen/hueghen/heughen*, "dink aan; (jou) herinner; (jou) verheug oor; verlang na"), blb. het twee ww., enersyds Os. *huggian*, Ohd. *huggen*, Oeng. *hycgean*, On. *hyggja* en Got. *hugjan* en andersyds Ohd. *hogen*, Oeng. *hogian* en On. *huga*, deureengeloop, maar vrae oor verb. en verhouding nog nie ten volle verkl. nie.

+**heug II**: (feitlik alleen in) *teen heug en meug*, "teen wil en dank"; Ndl. *heug* (Mnl. *hoghe/heughe/hueghe*, o.a. "beraad"), Os., Ohd. en On. *hugi* (lg. ook *hugr*), Got. *hugs*, wsk. wel verb. m. **heug I**, maar ook hier, veral hoërop, verw. onseker; tans in Ndl. en Afr. 'n relik, terwyl *heugenis* (wsk. m. nouer verb. m. **heug I**) nog dikw. gebr. word.

heuning: — *hunning* — ; Ndl. *honig/honing* (Mnl. *honich/honinc/heunic*, by vRieb *honi(n)gh*), Hd. *honig*, Eng. *honey*; WNT teken by Ndl. *honig* aan dat die vorm v. d. sprt. gew. *honing* is en dial. *heuni(n)g/heuni(n)k*, wsk. verb. verderop m. Dor. *knakos*, "geel-agtig".

heuningvoël(tjie): voëls. (*spp. Nectarinia*), ook bek. as *heuningwyser*-(*tjie*) waarvan daar blb. twee soorte is (*Indicator indicator* en *Melignotheres minor*); v. ook **tjêr-tjêr**.

hiblies v. **iblies**.

hickory king: bek. mielies. kort voor Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) uit N.-Am. in S.A. ingevoer; ben. berus misk. op ooreenkoms v. mieliepit en neut v. d. Am. booms. (fam. *Juglandaceae*) *hickory*, verk. vorm v. d. N.-Am. Inda. wd. wat dial. voorkom as *pohickery*, *pohickory*, *pawcohiccora* en *powcohicora*.

hiekël v. **hekel I**.

hiëna: diers. (fam. *Hyaenidae*) wat v. vroeg af in S.A. (ten onregte) *wolf* genoem word (Scho PD 12); Ndl. *hyena*, Eng. *hyena/hyaena* gaan wsk. via Fr. *hyène* terug op Gr. (*h)uaina* (wat kenmerke van 'n hond en van 'n vark te kenne wil gee), blb. 'n vr. afl. v. Gr. (*h)us* — Lat. *sus*, "vark", verb. m. Hd. *sau*, Ndl. *zeug*, Eng. *sow*, Afr. *sog*; v. ook **seidissel**.

hierjy: s.nw. uit verbg. v. *hier* m. *jy* en bet. "minderwaardige pers.", en hieruit b.nw. *hierjys*, *hierjyse* (WAT).

hiert: — *hierts* — , uitr. v. skrik, verbasing, ens. (WAT: “Volgens J. A. Engelbrecht is *hiert(s)* moontlik ’n bastervorm van Afrikaans *hier* en Hott. *ts(e)*, “jy” (vgl. *hetse*”); dit is mntl., maar pas nie goed by *hiert* sonder slot-*s* nie, misk. anders te verkl., vgl. *voor* — *voort* — *voert* — *voerts*, so: *hier* — *hiert* — *hierts*.

hiet I: (veral in) *hiet en gebied*, “beveel” (WAT s.v. **hiet**¹ wat geskei word v. **hiet**², “noem, genoem word”), terwyl WNT albei s.v. **he(e)ten** (II) behandel; v. **heet** II in hierdie werk; vgl. Frank (TB 204, No. 30).

hiet II: “hou, sukses, welslae” (WAT s.v. **hiet**³ wat geskei word v. **hiet**⁴, “hou, keer, slag”), mntl. gaan albei terug op Eng. *hit* wat sowel “hou/slag” as “sukses/welslae” kan bet.

+**hille:** ’n halwe eeu gelede was dit in dele v. S.A. gew. om *hille* en *jille* as pers. vnw., onders. as 3e en 2e pers. mv., te gebruik en *hulle* en *julle* as die betrokke bes. vnw.; tans is dié gebr. aan ’t uitsterwe (vgl. Kloe HGA 156); v. ook **hulle/hul** en **-hulle**.

hinnik: (gesê v.) “geluid d. perde gemaak”, daarnaas ook *runnik*; Ndl. *hinniken/rinniken/ronniken/runniken*, sommige dial. en min voor Kil, almal wsk. kn. en verb. m. Hd. *hinnen*, Eng. *whinny*, Fr. *hennir* en Lat. *hinnire*.

hipokonders: — *ipekonders*/(meer “volks”) *iepies* — , as s.nw. naas *hipochondrie* (soos Ndl., met *hypochonder* as b.nw.), Eng. *hypochondria* en Fr. *hypocondre*, almal uit Gr. (*h*)*upo-*, “onder” en *chondros*, “borskraakbeen” as vermeende setel v. d. veronderstelde kwaal; v. **ipekonders**, **iepies**.

hisop: genees- en reinigingsmiddel v. plant (*Hyssopus officinalis*, fam. *Labiatae*, ook v. ander plante, vgl. WAT); Ndl. *hysop/hyssop/yzo(o)p* (Mnl. *isop/is(e)pe*), Hd. *ysop*, Eng. *hyssop*, wsk. via Fr. *hysope* uit Lat. *hyssopus* uit Gr. (*h*)*ussōpos* uit Hebr. *ēsōb*, wsk. v. Oosterse herk.

hittete: — *hettete* — , nog ander ww. by WAT, daarby misk. ook *hipp(i)etip* in WAT apart behandel, almal in bet. “ampertjies, op ’n nippertjie”; Malh DF (AS 204) meen ’n tot selfst. wd. ontw. uitr., vgl. egter WNT (VI 765) *op het hippen*, “op ’n nippertjie”, en Boek (ZV 327): “’t Scheelt maar ’en *hittertje*, “een kleinigheid, een niets”; die Hass. *ettettet* (Gra 265) druk egter “ongeduld en yverling” uit.

hlonipha: “eerbied- en taboegebr. by Bantoe” (WAT); Ngu. *hlonipha* (So. *hlompha*), “eer (respek) betoon”, afg. v. subst. stam *-hloni*, bv. *izin-hloni*, “skaamte(gevoel)”. Die ww. dui ’n bep. gedragskode by Ngu. vroue aan; hulle moet o.a. ’n bep. woordeskat gebr. (*inhlonipho*).

hobo I: “musiekinstrument” (WAT); Ndl. *hobo/obo* uit Fr. *hautbois* (*haut*, “hoog”, en *bois*, “hout”), Eng. *hautboy/hoboy/oboe*, It. *oboe* — ’n blaasinstrument v. hout m. groot toonhoogte en ’n omvang v. $2\frac{1}{2}$ oktawe.

hobo II: “rondloper” (nie in WAT nie); Eng. *hobo*, blb. uit Am., maar herk. onbek.

hock: “wyns.”, bv. Worcesterhock; uit Eng. *hock* uit Hochheimer na plekn. Hochheim in Duitsland (WAT).

hoed I: bep. hoofbedekking; Ndl. *hoed* (Mnl. *hoet*), Hd. *hut*, Eng. *hood* naas *hat*, verw. met Lat. *cassis*, “helm”, hou wsk. ook verb. m. **hoed II**; by WAT s.v. **hoed¹**.

hoed II: ww., gew. afl. *behoed*, “beskerm”; Ndl. *hoeden* (Mnl. *hoeden*), Hd. *hüten*, Eng. *heed*, verb. m. **hoed I**; by WAT s.v. **hoed²**.

hoede: “beskerming; waaksaamheid” (WAT); Ndl. *hoede* (Mnl. *hoede*), Hd. *hut*, verb. m. **hoed I** en **II**.

hoef I: “klou” (v. diere); Ndl. *hoef* (Mnl. *hoef*), Hd. *huf*, Eng. *hoof*, verw. m. Oind. *sapha-*, “klou”, en Av. *safa-*, “perdehoef”.

hoef II: ww. naas afl. *behoef*, “nodig hê/wees, moet”; Ndl. *hoeven* (sedert Kil wat *hoeven* — *behoeven* aangee, hoewel s.nw. *behoef*, “behoefte”, reeds in Mnl. voorkom, asook ww. *behoeven*, maar nie sonder *be-* nie), Hd. alleen s.nw. *behuf*, terwyl Eng. sowel die s.nw. *behoof* as die ww. *behoove/behove* het; die vorme sonder *be-* blb. jonger, mntl. verb. m. Gr. *kōpê*, “handgreep, handvatsel”.

hoe(i)haai v. bohaai, haaihoei en pohaai.

hoeka: “lankal”; Na. *huga*, “van oudsher” (WAT); assos. m. Ndl. *toen*, Afr. *toe*, “toentertyd” en mntl. ook m. die Ndl. vorm *toeke* (WNT XVII 499) kon die ww. *toeka* in die hand gewerk het (Bosh VT 268–9).

hoekaai v. hookhaai.

hoeke: — *hoekel(ike)/hoe(k)like/hoelke* — , “watter, wat se/vir, hoedanige” (WAT); Ndl. *hoek(e)* uit *hoelijk*, “hoe een, hoedanig” (WNT VI 783).

hoekom: “waarom”, saamgetrek uit *hoe kom (di)t dat*, reeds in 1769 *hoekom dat* (WAT); met die sametr. gaan *dat* verlore en bly die

wdo. soos by *waarom*, so ook in Am.-Eng. *how come* (misk. uit Ndl.), dit het ook gebeur by *hetsy*, *tensy*, *maar*, *miskien* wat vroeër almal deur *dat* gevolg is of kon gewees het.

hoela: — *hoela-hoela* — , “bep. dans; (hoela-)hoelahoepel”; Am.-Eng. *hula* en *hula-hula* v. Haw. herk., naam v. ’n suggestiewe vrouedans.

hoelke v. **hoeke**.

hoender: bep. pluimvees. (*Gallus domesticus*), eint. ou mv. v. Ndl. *hoen* (by vRieb by. nog in die aant. v. ’n enkele dag (21.2.1657) *hoender* en *hoenders* as mv.), Hd. *huhn*, hou abl. verb. m. *haan* en *hen* en verderop m. Lat. *canere*, “sing”, en Gr. *êi-kanos*, “haan” (lett.) “vroeg-singend”.

hoendervoet: bandietmerk (vWiel 111), ook bek. as *hoenderpoot*, n.a.v. vorm v. merkteken.

hoentaal: kunsmatig gemaakte wd. vir ’n kruising van (’n) *hoender* en (’n) *tarentaal* (WAT).

hoentoe: (dial.) sametr. v. *hoeheentoe*, “waarheen” (WAT), vgl. *soontoe* uit *soheentoe*.

hoep-hoep: — (*hoep*-)*hoepoe/hoepoeloo* — , daarby ook ander name vir dié voël (*Upupa africana*, fam. *Upupidae*); Ndl. (gew. net) *hop*; Eng. *hoepoe* uit Fr. *huppe* via Ll. uit Lat. *upupa*, Gr. *epops/epōpa*, wsk. kn.

hoera: — *hoerê* — , vir *a/ê* vgl. *gora/gorê*, uitr. v. oorwinning/vreugede, na bewering sedert 1815 (Waterloo) deur Ndl. van Prui. soldate oorgeneem, Hd. *hurra*, Eng. *hurrah/hurray*, sedertdien feit. intern.

hoerie: 1. “Oosterse Paradysvrou”; 2. “verleidelike vrou” (WAT s.v. *hoeri/houri*); Ndl. *hoeri*, Eng. en Fr. *hour* uit Arab. *huri* (wsk. verb. m. *haura*, “swartogig”, d.w.s. “swartoognôï”).

hoesnaam: — *hoesenaam* — , saamgetrek uit: *hoe’s sy naam* (WAT), ong. soos *dinges* (q.v.) gebr.

hoeve: bep. stuk landbou- en woongrond; Ndl. *hoeve* (Mnl. *hoeve*), Hd. *hube/hufe*, verb. m. Gr. *kēpos*, Dor. *kapos*, “tuin”.

hoffmannsdrup(pels): outydse medisyne uit die sg. huisapteek, genoem na die Du. geneesheer, F. Hoffmann (1660–1742), WAT; Ndl. *hoffmannsdruppels*.

hohaai: — *hoe(i)haai* — , “lawaaï, ophêf” (WAT s.v. **hoeihaai**) vgl. **bohaai**, **haaihoei** en **pohaai** met ww.; *haaihoei* misk. te beskou as omsetting v. *bo-* en *po-*vorme en mntl. beïnv. d. Mal. *hai-hoewi*, “arbeid, geroep, moeite” (vgl. dTo P 48).

hoi: — *hôi/hoi-hoi/hôi-hôi/hooi-hooi* — , uitr. om osse na die juk te ja (WAT); vgl. Ndl. *hui* en Eng. (*a*)*hoy*, misk. uit die seemt. om skepe te laat “bydraai”.

hoipolloi: “gepeupel”, wsk. uit studt. uit Gr. (*h*)*oi polloi*, “die baie/vele”.

+**hoitzin:** pln. (*Halleria lucida*, fam. *Scrophulariaceae*); vlgs. WAT is dit die *H. lucida*, maar Scho (PD 94) wys daarop dat Mar (62, 127) die *H. elliptica* die onverklaarbare naam *nutzung* gee wat misk. iets met die naam v. d. verw. *hoitzin* te doen kan hê; nou vermeld Pet (A 343) *nutzung/nutseng* as ww. en sê dat dit ook bek. is as *kinderbessie*; is verb. dan misk. mntl. m. Na. /*gōai* naas *ōai*, “kind”?; v. ook **noetzung**.

hokaai v. hookhaai.

hokkie: spel met bal en haakstok (WAT); Eng. *hockey*, n.a.v. speler se “hooked stick” (Ske ED) of verb. m. Ofr. *hoquet*, “skaapwagter se haakstok” (Web), maar onseker (NED).

hokus-pokus: “towerformule; goëlerij” (WAT); Ndl. *hocus-pocus* (sedert 17e eeu, daarnaas ou vorm *okus-bokus*), Eng. *hocus-pocus*, Hd. *hokuspokus*; nog onseker of dit verb. hou met die (spot)naam van ’n bep. goëlaar of met die omstrede wd. van ’n towerformule in Potjieslatyn.

holderstebolder: — *holderdebolder/horrelsteborrel* e.a. (WAT) — , “deurmekaar, halsoorkop”; Ndl. *holderdebolder*, SNdl. ook *holderkabolder*, vgl. Eng. *helterskelter* en veral *hurly-burly* en v. **harlaboerla**, wsk. almal kn.

holisme: ben. v. die (biol. en filos.) “eenheidsbegrip” wat sedert 1926 in gebr. gekom het n.a.v. J. C. Smuts se *Holism and Evolution*.

hom: pers. vnw. ml. ekv. akk. (na ww. en voors.) van *hy*; beantw. aan Ndl. *hem*, maar dial. *hem/hom/hum* naas enkl. *em/en/m*, selfs in Mnl. *hom/home* en ook in ouer en jonger vorme v. Ndl. in nie-akk. funk. (v. Frank TB 177, 183 No. 8, Kloe HGA 349 en Scho TO 103–4).

hond: bek. huisdier (*Canis familiaris*, fam. *Canidae*); Ndl. *hond* (Mnl. *hont*), Hd. *hund*, Eng. *hound*, verb. m. Lat. *canis*, Gr. *kuōn* (gen. *kunos*), “hond”.

hondekatjoema v. **tjoema**.

hondeoor: pln. (*spp. Cotyledon*, veral *C. orbiculata*, fam. *Crassulaceae*), Mar 40, 108; ook bek. as *kouterie*, *vark(ens)oor*; ben. n.a.v. bladvorm.

honderd: 100 (Arab.) of C (Rom.); Ndl. *honderd* (Mnl. *hondert*), Hd. *hundert*, Eng. *hundred*, eerste lid beantw. aan Oeng. en Got. *hund* en aan Lat. *centum*, Gr. (*h*)*ekaton* en Oind. *satem* (v. **centumtale** en **satemtale**), tweede lid hou verb. m. Got. (*ga*)*raþjan*, “tel”; vgl. verder WAT i.s. *man/perd honderd*, ens.; v. ook **raad**.

hondsvot: — *hondsvots/hondvot(s)* — , met o.a. afl. op *-ig*, by Trig *hondsvotsig* (1Ro T DLT 240), as s.nw. “ellendeling” en as b.nw. “ellendig”, nog nie geheel veroud. nie; Ndl. *hondsvot* (16e eeu), Hd. *hundsfott* (16e eeu) in bet. “*vulva canis*”, vlgs. Kil is tweede lid “*vetus*” (d.w.s. veroud.) *fotte* of dial. *fut/futte*, “*vulva*”, mntl. verb. m. Lat. *putidus*, “stinkend”; v. ook **vod**, **voet** II.

hongertee v. **geelblommetjies** - , **skilpadtee**, **vaaltee**.

honia v. **gonia**.

honna: — *honne/honta* — , dim. *honniefhontie*; troetelaansprv. v. *hond* (ekv.), oor vorme op *-a* v. **-a**, vgl. Ndl. *honnig/honsig* as byv. vleiwoord by *hond(je)*.

honou v. **hanou**.

hoog: (in wdg.) *hoog aan iemand/iets hê*, teenoor Malh DF (AS 210) betoog Frank (TE 35) dat dit ’n eufem. is vir “hoog skyt aan iemand hê”, te vgl. m. Ndl. “schijt hebben aan iemand of iets”.

hookhaai: — *hokaai/hoha* e.a. by WAT — , uitr. om diere (veral osse) tot stilstand te bring; in Ndl. *ho* “om perde te laat stilstaan” (by Scho TWK/NR 7, 1, p. 39–40 waar aanh. uit Spa en Teen=stra), op *hoha* na almal verbg. met interv. *k*, dus *ho* of *hook* met (*h*)*a* of (*h*)*aai*, naas *hook* en *hook-hook*; is *hook* (soos *gaat* en *hool*) ’n vorm m. verlengde vok. v. *hok* (Ndl. *hok* en *hokken*)? Die bet. sluit verb. uit m. uitr. *okhā* in Na. (Mein LNS 100), maar verb. mntl. m. SSo. *hoka*, “stilstaan”, en Xh. *hoha*, “hou op, laat staan”.

hool: eufem. v. *hol*, “gat” (WAT), dit kon (soos *gaat*, indien eufem. v. *gat*) deur verlenging v. vok. of (soos *profes(s)oor*, *senatoor*) uit die mv. ontst. het, maar kom ook in Ndl. en dial., asook reeds in Mnl., voor.

hoop I: “hoeveelheid, stapel” (WAT s.v. **hoop**¹); Ndl. *hoop* (Mnl. *hoop*), Eng. *heap*, en abl. verb. m. Hd. *haufe*; vermeende verw. hoërop betwisbaar.

hoop II: “verwagting” (WAT s.v. **hoop**²); Ndl. *hoop* (Mnl. *hope*), Eng. *hope*, Hd. afl. *hoffnung* en ww. *hoffen*; herk. hoërop (soos by **hoop I**) onseker.

hop I: pln. (*Humulus lupulus*, fam. *Moraceae*) by WAT (s.v. **hop**¹); Ndl. *hop* (Mnl. *hoppe*) wu. Eng. *hop*, Hd. *hopfen* (wsk. ouer as Eng.); uit Germ. in Ll. *hupa*, mntl. v. Fin.-Oeg. herk.

hop II: ww. “spring”; s.nw. “sprong” (WAT s.v. **hop**³); reeds by Kil as ww. en nog in SNdl. en nie as Angme. in Afr. te beskou nie, ook die uitr. *hop/hopsa* as aansporing by spele en rympies hou wsk. hiermee verb.

hopelik: bw., “na gehoop word”, in ’n aanh. by WAT as ’n Germe. (Hd. *hoffentlich*) beskou en wel ondanks Mnl. *hopelijc* en Ndl. *hopelijk*, maar nie in WMnl. en WNT as sodanig bestempel nie.

hopliet: Gr. voetsoldaat (WAT); Eng. *hoplite*, Fr. *hoplite*, wsk. via Lat. uit Gr. (*h*)*oplitês*, afl. v. (*h*)*oplon*, “wapen” (eint. “wapendraer”).

hoppiedaai I: — *hoppiedai* — , dansbeweging (WAT in bet. 1); hou verb. m. *hop*³/*hopsa*/*hop-perdjie-hop* (by WAT) en m. Ndl. *hop* en *hoppen*, Hd. *hop(p)* en *hopfen*, Eng. *hop*, almal in bet. “spring”, hieruit frekw. *huppel*.

hoppiedaai II: — *hoppiedai* — , lettn. v. H.P.O.D. (afk. v. Hoër Primêre Onderwysdiploma), toeg. op diploma en op student (WAT in bet. 2).

horing: harde uitgroeiisel aan kop v. diere; Ndl. *hoorn/horen* (Mnl. *hoorn/horen/horn*), Hd. *horn*, Eng. *horn*, On. *horn*, Got. *haurn*, verb. m. Lat. *cornu* en Gr. *keras*, “horing”; oor *-ing* in Afr. vgl. **doring**.

horison: gesigseinder (WAT); Ndl. (sedert 17e eeu) *horizon*, tans intern. wd. wat teruggaan op Gr. (*h*)*orizôn*, “die begrensende”, v. ook **aoris/aoristus**.

horlosie: — *oorlosie* — , Cha se *allosie* veroud. en seker plat, in Afr. oorg. v. intervok. *g* tot *s* en rekking v. *o* voor *r* in *h*-lose vorm; Ndl. *horloge/orloge* (Mnl. *horloy/orloy*) via Fr. *horloge* uit Lat. *horologium*, Gr. (*h*)*ôrologion* ((*h*)*ôra*, “uur”, + *logos*, “(ver)telling”), v. **oorlosie**.

horreleppyp: veroud. blaasinstrument; (daarby) Eng./Skot. dans (WAT); Ndl. *horlepijp* (wsk. in Afr. metat. na anal. v. wd. soos *horrelbeen/-poot/-voet*) uit *hornpijp* uit Eng. *hornpipe*.

horreltjies: — *orreltjies* —, uitr. om rus/uitstel by kinderspel (WAT); verb. m. Ndl. *horrel*, “hapering, stoornis”, en *horrelen*, “strompelend gaan”, asook m. *horrelvoet/orlevoet* twyfelagtig; by versk. loop- en springspele in dCo-Tei (v. Alf. Reg. agterin) is daar sprake v. *horloge(ke) opwinden/afwinden* wat misk. op verb. v. *horreltjies/orreltjies* m. *horlosie/oorlosie* dui; v. ook **tramas**.

horries: “*delirium tremens*”; Eng. *horrors* (WAT, so reeds by Mans KHI s.v. *horres*).

horsweep: rysweep; onwsk. v. veroud. Ndl. *hors/ors*, “perd”, eerder regstreeks uit Eng. *horsewhip* (soos by Mans KHI); v. ook **roskam**, **walrus**.

hortensia: — *hortensie/atensia* (lg. by vWiel 114, by WAT onder A, nie onder H nie) —, plant en blom, ook bek. as *krismisroos* (*spp. Hydrangea*, o.a. *H. hortensia*, fam. *Saxifragaceae*, soos by WAT); Ndl. en Eng. *hortensia* na die Fr. voorn. *Hortense*, vrou v. d. oorlosiemaker Lepaute (1723–88).

hortjies: raamwerk v. latwerk, gew. dim. en mv.; Ndl. *horde/horre/hor* (Mnl. *horde/hurde*, dial. *hort/hurt*), Hd. *hürde*, Eng. *hurdle* hou verb. m. Lat. *cratis*, “vlegwerk”, Gr. *kurtia*, “vlegwerk”; Ndl.-Afr. *krat*, Eng. *crate* kan ontl. aan Lat. *cratis* wees, maar nie sg. verw. vorm nie.

hospitaal: m. klem op eerste of derde letg., “siekhuis”; Mnl. *spittael/spetael* (vgl. Mhd. *spital/spitel*, ook nog Nhd. *spital/spittel*), daarnaas later herontln. Mnl. *hospitael* (Mhd. ook *hospital(e)*, soos nog in) Ndl. *hospitaal*, Hd. *hospital*, via Ofr. *hospital* (Fr. *hôpital*) of Ll. *hospitale* uit Lat. *hospes*, “gas(t)heer; gas” — *hospitaal* is doeb. v. **hostel** en **hotel** (q.v.)

hostel: m. klem op eerste of tweede letg., “kosthuis v. leerlinge of studente”; uit Eng. *hostel*, ’n doeb. v. **hospitaal** en **hotel** (q.v.).

hot: in Afr. “links”, in Ndl. gew. “regs” (WAT s.v. **hot**¹); Ndl. *hot*, Hd. *hott/hotta/hotte*, van onseker herk., vgl. **haar** II en **haar om**; hierby *hotagter*, (lett.) “links agter”; (fig.) “moeilik, swaar”, verder *hotom*, “omgeroerde pap”, en *hot en haar*, “links en regs”; “oral”; “deurmekaar”.

hotel: m. klem op tweede letg., “herberg”; Ndl. *hotel* (in die 17e eeu “stadsverblyf v. aansienlike pers.”, sedert mid. 19e eeu in huidige bet.) kon via Ndl. of via Eng. *hotel* uit Fr. *hôtel* (Ofr. *hostel*) in Afr. gekom het; doeb. v. **hospitaal** en **hostel** (q.v.).

hotkant: wsk. “linkerkant” by Trig. (Scho TWK/NR 7, 1, p. 40, 1Ro T DLT 240) in vorm *hotkand*; v. **hot**.

Hotnot: — *Hottentot* — , i.v.m. ww., bet. en gebr. in uitdr. v. WAT (s.v. **Hotnot** en **Hottentot**); uit AS (22, 2 (1963), p. 65) blyk dat reeds \pm 20 verkl. v. dié ben. gegee is en dat hulle gedraai het om Ndl. of Hott. herk. Verkl. uit Ndl. het berus op ’n verkeerde vertolking v. Dap (1668) i.v.m. Ndl. *hottentot*, “hakkelaar”, wat Nederland in- en nie uitgevoer is nie (v. Hes TNTL 35, en dPl S₂A₃, 1918); daarteenoor verkl. v. De Beaulieu (1620) dat *hautitou* in Hott. singery gehoor word, wat vir Olaffson (1623, by Phillip) soos *hottentot* geklink het, sodat Tavernier (1649, by Phill) dié singende mense *Hosentotes* genoem het, terwyl Hond (1652) bevestig het dat die skipbreukelinge v.d. *Haarlem* (1647–8) hulle so genoem het n.a.v. die redup. kn. *ho(t)-ho(t)-ho(t)* by die singery (Nien HOTT, hfst. 5–6).

hotnotsbrood v. **ghaas**.

hotnotstoontjie v. veral **haasoor**, **kabietjie**.

hotom: koringmeelpap (v. Wiel 128, 151), wsk. “hot om” geroer, v. **hot**.

+ **Hottentotsakmelk:** melk wat die Hott. in ’n velsak laat suur word en as dikmelk gebr. het (WAT), reeds by Thun (Scho TWK/NR 7, 1, p. 40).

hottentotsboom v. **gham** 1.

+ **Hottentotseer:** kwaadaardige s(w)eer, reeds by Bur en Cam (Scho TWK/NR 7, 1, p. 40), tans blb. bek. as *gifs(w)eer* (WAT).

hottentotsgot: — *hotnotsgot* — , o.a. ook bek. as *bidsprinkaan* en **goejop** (q.v.), vleisetende insek (*spp. Mantis*, fam. *Mantidae*), ben. berus op sy verering deur Hott. en sy sg. “biddende houding”; blb. die eerste vermeld d. dIC (Scho PD 35, 53).

hottentotsrys: uit ong. laaste kwart 18e eeu aanget. by Masson en Wik (Scho TWK/NR 7, 1, p. 40), verder presies soos **boesmanrys** (q.v.), v. **rysmier**.

hottentotstee v. **gaibossie**, **vaaltee**.

hottentotsvy(g): sedert Kol P alg. bek. naam v. *Mesembryanthe= mum edule*, fam. *Aizoaceae*, v. Scho PD 30–1 (waar, asook by WAT, nog ander ss. m. *hotnot/hottentot*).

hou I: vasvat; bevat; bewaar; volg; lief wees vir; vier, ens. (WAT s.v. **hou**¹); Ndl. *houden* (Mnl. *houden*), Hd. *halten*, Eng. *hold*, mntl. verb. m. Gr. *kellō*, “ek dryf” en (*bou*)*kolos*, “koeiwægter”, asook m. Oind. *kalayati*, “hy dryf/hou”.

hou II: “slag” (s.nw.) en “kap” (ww.), soos by WAT s.v. **hou**²; Ndl. ondersk. *houw* en *houwen* (Mnl. *houwen*), Hd. *hauen*, Eng. *hew*, mntl. verb. m. Lat. *cudo*, “ek slaan/smeed” en Gr. *keiō*, “ek splyt”.

hou III: (in uitdr.) *hou en trou beloof/sweer*, ens. (WAT s.v. **hou**³); Ndl. *hou* (Mnl. *houde*, byvorm v. *hulde*, “(ge)trou(heid)”, uitdr. dus eint. tout.); by vRieb *houw*.

hou IV: “hokkige” vorm v. bep. plantsade (veral by *Cruciferae*, soos by WAT s.v. **hou**⁴); Ndl. *ha(a)uw/houw/haude/houde* (Mnl. *ha(u)we*, by Kil o.a. *houwe/houde*, lg. wsk. per abuis).

houtharmonika v. xilofoon.

+hou-tou: “nouliks, ternouernood” (Scho TWK 14, 4, p. 189 gee aanh. uit S.A. koerante uit laaste dekades v. d. 19e eeu en uit *Patriot-Wdb.* wu. ook in WAT); nie by Malh DF (AS) nie en beeld nie heeltemal so duidelik as wat Scho aanneem nie.

houtperd: 1. (as) “kinderspeelperd”; 2. “houtstomp as hulp by swem” (WAT), reeds by Bur en Steedman (Scho TWK/NR 7, 1, p. 40).

Hugenoot: Fr. Protestant; Ndl. *Hugenoot*, Eng. en Fr. *Huguenot*, wsk. uit Hd. *eidgenosse*, “eedgenoot” (waarvoor ww. *eig(u)enot/eingenot/(h)iguenot/ignot* pleit), misk. m. byg. aan cien. Hugues en meer bep. dié v. d. Geneefse Hervormer, Besançon Hugues, waarvan *Huguenot* dan ’n dim. sou wees (WAT). WNT noem nog *Hugenoos* as mntl. gesubst. b.nw. *hugenoots(ch)*, maar Verc BEW wys tereg op Fr. mv. *-ots* — Ndl. *-oos* (vgl. by **appelkoos**).

huidjie: (in uitdr.) *met — en muidjie*, ww. m. *ui/eu/u* en intervok. *t*, “met sak en pak”; Ndl. *hutje en mutje*, m. talryke ww., veral by Stoe NS wat blb. die voorkeur daaraan gee dat albei wd. dies. bet., bv. “’n klomp hout”, terwyl WNT dink aan *hut*, “k(r)ot” en *mot/mut*, “(vark)sog” — ondanks talryke ww. en analoga bly herk. onseker.

huidjiehu: “blaasopsprinkaan” (*spp. Pneumora*, fam. *Pneumoridae*), reeks ww. by WAT m. *ui/eu/ie/u/ē/uu* in eerste lid en dim. uitg. *-kie/-jie/-tjie* naas *-ke*, hou misk. verb. m. Hott. naam ong. 1700 opgeteken vir “sprinkaan” in vorm *cheytee* (v. Nien HOTT s.v. **sprinkaan II**) met *ch* (= *g*)/*h* soos in *gonia/honia* (q.v.) en *goen-japhonja*, terwyl tweede lid mntl. verb. hou m. Na. ≠ *hu-mi* (by Tin *vhumi*) as alg. naam v. “sprinkaan”, dus eint. tout. en wsk. kn.

huig: “kleintong(etjie)”; Ndl. (sedert ± 1500) *huig*, Germ. verw. met ausl. *f*, *g* en *k*, dié met ausl. *f* sou verb. kon hou met Lat. *uva*, “tros” (as wetensk. term *uvula* (dim.) “kleintong(etjie)”.

hulbos: pln. (*Peltophorum africanum*, fam. *Leguminosae/Caesalpinia*), hoort blb. by d. kiaathouts. in (veral) N.-Tvl. tuis; gedurende bep. tye v. d. jaar stort d. boom druppeltjies sap/vog soos traantjies, d.w.s. “huil” dit, v. Mar 41, 110 en verder WAT.

+**huisbesoeking:** tans verdring d. *huisbesoek*, net soos Ndl. *huisbezoeking* d. *huisbezoek* (Scho TWK/NR 7, 1, p. 40) in bet. “besoek d. leraar en/of ouderling aan huis v. gemeentelede”; ouer vorm nog by Bur II 154.

+**huisboorling:** nog by Bor en Teenstra in bet. “tuisgebore slaaf” (Scho TWK/NR 7, 1, p. 40–1), so oorgeneem deur WAT; v. ook **boorling**.

huitjie v. **huidjie**.

hulde v. **hou** III.

hulle: pers. en bes. vnw. 3e pers. mv. — *hul*/(veroud. dial.) **hille** (q.v.) — *hulle* en *hul* reeds voor end 18e eeu uit ouer *hullie/hullui*, Ndl. *hunlieden/hunlui* m. talle ww., veral in dial. (vgl. Scho TO 61–64, 92, 96–101, 105–7); v. ook *haarle* (s.v. **haar** III).

-**hulle:** dui na verwn. en eien. v. mense en diere en aldus gebr. soortn., blb. later ook na *u* (*u-hulle*), “meervoudige kollektiwiteit” aan maar nie mv. nie (vgl. WAT s.v. **-hulle**² en aanh. oor menings daaroor) en word anders gebr. as *-goed* (v. **-goed** II in hierdie werk); Hes (NH 93–4) het aandag gevestig op NegHoll. *sender/sellie* en Pap. *nan*, wat dTo P (86–7) op Afr. betrek het en wat deur 1Ro J (OAS 80–3) en daarna deur Hes (HA² 121) aanvaar is; sedertdien egter bestry deur Smi JJ (OEB, Jun. 1940), hierby aansl. en aanvullend ook deur Kem (v. WAT en Kem WFA 70, 74–5 en 247–51) wat o.a. op hendiadis *sit en slaap/sit slaap* wys en dit vgl. m. *pa en dié* en veral *pa en hulle*, dial. *pa(e)n hulle/paan-hulle/paanulle*, so ook *pa(e)n doen/paandoe(n)*, en m. die gebr. v. *hjar* en *dy* in Fri. Van belang is misk. ook vglg. m. gebr. v. Mnl. *si* (WMnl. VII 1036 en Stoe MS 19) ná eien. en v. On. *þau* en *þeir* vóór sulke name (vgl. Cle s.v. *þeir* B).

huls I: bedekking, koker, omhulsel; Ndl. *huls* (sedert Kil) wsk. uit Hd. *hülse*, verb. m. Eng. *hull* en Gr. *koleos, kouleon*, “skede” (vgl. WAT s.v. **huls**¹).

huls II: pln. (*spp. Ilex*, fam. *Aquifoliaceae*; die S.A. is *I. mitis* of *capensis*, ook bek. as *water-/without*); Ndl. *hulst* (Mnl. *huls*,

maar sedert Kil *hulst* misk. na vb. v. Hd. *hulst/hülst*), Eng. *holly* enigste seker verw. is Kel. sinom. (vgl. verder WAT s.v. *huls*²); v. ook *ileks*.

+**hun**: as akk. v. d. pers. vnw. mv. en as bes. vnw. het dit blb. vroeër sporadies in die skrt. (twyfelagtig of ook in die sprt.) voorgekom, egter nog in Trig se skrt. (1Ro T DLT 240) en mntl. nog later, maar uit die sprt. het dit sedertdien verdwyn en alleen bewaar gebly in ss. soos **hulle** (q.v.).

huppel v. **hop** II en **hoppiedaai** I.

huskie: Eskimo- en sleehond; Eng. *husky* (WAT s.v. *husky*), uit Esk. en misk. verb. m. d. wd. *Eskimo*.

husse: as antw. op nuuskierige kind(ers) se vrae (WAT); Mans (KHI) se Ndl. *huss(ch)en/hissen*, “aanhits”, en Malh DF (AS 215–6) se verwysing na Ndl. *hutsen* en *hutselen*, “deurmekaarskud; verberg”, bevredig nie; eerder te dink aan Ndl. *hus* en *hussen*, “wegja” (WNT VI 1330) en aansl. by Frank (TE 35–6), hoewel daar ’n mate v. twyfel mntl. is oor verb. m. Eng. *hush* en kn. herk.; v. ook **skilpadvere**.

hy: nom. v. pers. vnw. 3e pers. ekv. ml.; Ndl. *hij* (Mnl. *hi/hie*), Eng. *he*, hou verb. m. *hier* en wsk. ook m. Gr. (*e*)*kei*, “daar”, en (*e*)*keinos*, “dié pers. daar”; v. ook **hom**.

hyg: swaar asemhaal; smag/snak na; Ndl. *hijgen* (Mnl. *hīghen*), Eng. *hie*, “strewe na” (Oeng. *higian*), hou wsk. verb. m. *hik*, albei misk. kn.

hys: in die hoogte stoot/trek; Ndl. *hij(s)ch(en)* (Mnl. *hischen*), Hd. uit Ned. (sedert 1542) *hissen*, uit d. een of ander v. d. tale Eng. *hoist* (ouer *hoise*), ook oorgegaan i. d. Rom. tale, bv. Fr. *hisser*, blb. ’n kn. wd. uit d. seemt.

I

ibeks: wilds., in Europa *steenbok* genoem (*Capra hircus*, fam. *Bovidae* — WAT); Eng. *ibex*, Lat. *ibex*, herk. hoërop onseker.

ibis: voëls. (*spp. Ibis*, fam. *Ciconiidae. Plataleidae* — WAT); Ndl., Eng. en Fr. *ibis*, wsk. via Lat. uit Gr. *ibis*, misk. v. Eg. herk.

iblies: — *eblies/hiblies* —, “duiwel, booswig” (veral in taal v. Kaapse Maleiers — WAT); Arab. *iblis* uit Gr. *diabolos*, “las-teraar, duiwel”.

ibn: “seun” by Moh.-Arab. en *ben* by Hebr. eien. (gew. “seun van . . .” WAT); Arab. *bin/ibn/ibnoe*.